

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 17, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2017 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Valse profete aan die kom!

Dit kom. Dit kom gou. U Bybel toon duidelik dat 'n **vlaag** valse profete teen die einde van hierdie tydperk te voorskyn sal kom!

Hierdie eiesinnige, verwaande mense mag selfs die lewens van duisende van u, *Wêreld van Môre*-intekenaars, beïnvloed **indien** u hulle toelaat. Ons in hierdie Werk leer u herhaaldelik die lewensweg wat Jesus Christus aan Sy eie dissipels geleer het. Ons stuur – *heeltemal gratis* – miljoene tydskrifte en boekies uit wat die Tien Gebooe verduidelik en *hoe* om dit met God se hulp te gehoorsaam. Ons het u herhaaldelik aangemoedig om die “Oorspronklike Christenskap” van Jesus Christus en die Apostels aan te neem – alles op gehoorsaamheid aan die wet van die liefde en die **weg** van God geskoei.

Ondersoek hulle vrugte!

Menige valse leraars sal mettertyd te voorskyn kom en probeer om opregte mense van die ware Werk van God te distansieer. Dit was nog *altyd* so. Die apostel Paulus moes die ouderlinge van Korinthe waarsku: “Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan” (Handelinge 20:29-30). Jesus Self waarsku ons: “Maar pas op vir die valse profete wat in skaaps-

klere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken” (Matthéüs 7:15-16, 20).

Dink!

Wat is die “vrugte” – die **gevolge** – van opregte mense wat geleer word om die voorbeeld van Christus en die oorspronklike Apostels te volg? Dit is mense wat werklik probeer om mekaar lief te hê en te dien. Dit is mense wat die Skepper-God **liefhet** en Sy weeklikse Sabbatte en Sy jaarlikse Heilige Dae vreugdevol onderhou – deur Christus wat in hulle leef. Hulle wandel volgens die weg van die Tien Gebooe.

In teenstelling hiermee, wanneer 'n gees van twyfel en moedeloosheid onder God se mense gesaai word, dikwels oor geringe en omstrede “tegniese punte” aangaande profesie of chronologie, is die “vrugte” **nie** goed nie. Paulus waarsku Timótheüs om “die gesonde leer” te beklemtoon en sê hom aan om in Éfese te “wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie, en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is. Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete

en 'n ongeveinsde geloof" (1 Timótheüs 1:3-5).

Liefde en nederigheid in teenstelling met eiesinnigheid en trots

Alle ware leerstellings kom terug na God se Gebooe wat op liefde (vers 5) en diens gebaseer is. Alle ware leraars van Jesus Christus beklemtoon *daardie* benadering – *daardie* lewensweg. Ware dienaars van Christus sal hulleself verootmoedig en op elke moontlike manier probeer om God se mense aan te moedig en te dien. In die apostel Petrus se brief soos dit in die Bybel opgeteken is, sê hy aan die ouderlinge dat hulle **nie** oor die gemeente toesig behoort te hou “as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde” (1 Petrus 5:3). Petrus gaan verder voort: “Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in **onderdanigheid** aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd” (verse 5-6).

Terug in die tyd van die Apostels het een van die oorspronklike *valse* apostels begin om mense te mislei. U Bybel toon aan dat dié man daarop aanspraak gemaak het “dat hy iets **besondere** was” (Handelinge 8:9). Uiteindelik sal die **finale groot opstand** teen

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Valse profete aan die kom!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Belangrike gebeurtenisse in die nabye toekoms

3

Alhoewel die grootste deel van ons wêreld in wanorde verval het, openbaar u Bybel duidelik eindtydse gebeure wat tot die Wederkoms van Jesus Christus sal lei.

Die skat van God se beloftes

7

Baie mense het al hulle lewens in vreemde plekke gewaag op soek na rykdom. Het u egter geweet dat God aan u die grootste skat ooit belooft het?

Het dinosourusse bewys dat God dood is?

11

Fossiel oorblyfsels van dinosourusse en ander wesens wys duidelik na lewe in 'n antieke verlede. Beteken dit dus dat die God wat in die Bybel beskryf word nie bestaan nie?

Kanada: Nabetragting na 150 jaar

17

Die majesteit van berge

19

Londen roep

21

Die nederigheid van Michael Faraday

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Keerpunte in wêreldgeskiedenis

24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Belangrike gebeutenisse in die nabye toekoms

Deur Roderick C. Meredith

U lewenswyse sal binne die volgende paar jaar ingrypend verander word. Hierdie artikel verduidelik hoe en waarom!

Werklik *verbysterende* gebeure is vir ons wêreld in die nabye toekoms om die draai – veral vir die Amerikaners en nasies van Britse afkoms. Mag God almal van u wat hier lees, help om **wakker te word!** Na sowat 65 jaar in God se Werk, moet ek *terwyl ek nog kan*, aan u hierdie ernstige waarskuwing rig.

Baie mense sal spot en verskonings uitdink om dit wat ek nou aan u gaan vertel te ignoreer of te verkleineer. Soos die ou gesegde lui, “ondervinding is die beste leermeester”. U sal **nie** meer lank hoef te wag om hierdie skokkende gebeure te sien plaasvind nie. Trouens, 'n aantal daarvan is *besig om plaas te vind!*

Vyf liberale regsgeleerdes het in 2015 in die Hooggeregshof van die Verenigde State van Amerika dieselfde-geslag “huwelike” in elke staat in die land ingestel en daardeur 'n Konstitusionele “reg” deur geregtelike magtiging geskep! Mans wat met mans “trou”. Vroue wat met vroue “trou”. Ons toenemend verwarde en perverse kultuur gaan voort om hierdie verdraaiing van jare lange tradisionele moraliteit as 'n “oorwinning” te vier en dring

daarop aan dat soortgelyke “regte” na al hoe meer lande regoor die wêreld versprei word.

Hierdie mense wat in hulle perverse idees vasgevang is bly in gebreke om te erken dat die Skepper en insteller van die *ware huwelik heeltemal geïgnoreer* en Sy Woord belaster word, deur hierdie opstand teen 'n eerbiedwaardige instelling wat Hy self ingestel het! Sal die Almagtige God dus werklik iets aangaande dieselfde-geslag “huwelike” **doen?** Wat sal met ons mense gebeur as gevolg van ons voortgesette *moord* op **miljoene** ongebore babas? Wat sal ons moet trotseer as gevolg van die toename in owerspel, met miljoene paartjies wat “saamwoon” asof dit niks buitengewoon is nie? Wat gaan van ons samelewing word terwyl dit die verdere vernietiging van tradisionele gesinne en die toename in gemaksgtigheid in al sy vorms sien? Wat sal die gevolg wees van ons mense se algehele eiesinnige, genotsgtige, **godlose** benadering?

Ek sal nou aan u 'n kort, bondige *lys* gee van die verskeie belangrikste profetiese gebeure wat voorlê. Baie *meer* gebeure kan by hierdie lys gevoeg word. Hierdie profetiese gebeure is

egter tussen dié waaroor ons by die *Wêreld van Môre* u al vir jare lank waarsku. Dink daaraan, soos ek later sal verduidelik, dat die Bybelse *bewyse* ten opsigte van hierdie geprofeteerde gebeure reeds baie duidelik gemaak is in verskeie artikels in die *Wêreld van Môre*-tydskrif en in heelwat van ons boekies oor profesieë – alles **gratis** beskikbaar op aanvraag. U het 'n “geheelbeeld” **oorsig** nodig van wat in die nabye toekoms gaan gebeur om u te help om te weet *waarvoor* om op die “uitkyk” te wees in naderende wêreldgebeure en om *u gebede* aan die Almagtige God *te inspireer*.

Wat **is** dus op die punt om te gebeur?

Twaalf belangrike gebeurtenisse wat in die nabye toekoms voorlê

Eerstens, Amerika se agteruitgang sal voortgaan *totdat die nasie vernietig is*. Daar sal natuurlik geringe veranderings langs die pad wees. *Tensy die Amerikaners hulle bekeer*, sal die God van die hemel hulle nasie se trots en mag “verbreek”. Dit sluit beslis die *finansieële* mag in wat die “Amerikaanse droom” moontlik gemaak het en wat deur so baie mense regoor die wêreld

bewonderis.

Tweedens sal die *militêre* mag van die Engelssprekende nasies al hoe meer verswak en uiteindelik **vernietig** word. Amerika en Groot-Brittanje het saam die Eerste Wêreldoorlog, die Tweede Wêreldoorlog en 'n paar ander noemenswaardige konflikte gewen. *Tensy ons ons bekeer*, neig die pad vorentoe van nou af **net afwaarts!** Tensy ons ons bekeer, sal daar nooit weer 'n beduidende oorlog gewen word nie. Voordat u grynslag, hou die situasie net vir 'n paar jaar dop en u sal dit *sien gebeur*.

Derdens, 'n kombinasie van geweldige “natuurrampe” sal met toenemende felheid voortgaan om die mag van die Anglo-Saksiese-Keltiese afstammeling te verswak en te vernietig. Die Almagtige God beheer **werklik** die weer. Lank gelede het God ons voorvaders gewaarsku: “Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE” (Amos 4:7-8).

Vierde, as gevolg van bogenoemde krisis, sal die Amerikaners en nasies van Britse afkoms binnekort toenemende hongersnood en droogte in die gesig staar. Al hoe

meer mense sal sonder werk wees en nie in staat om die stygende prys van skaars kos en water te bekostig nie. Daar sal 'n skokkende toename in die aantal gesinne wees wat gaan honger ly. “Arbeidsonrus” sowel as “voedsel oproer” kan verwag word terwyl massiewe burgerlike onrus as gevolg hiervan sal plaasvind!

Vyfde sal siekte-epidemies *toenemend voorkom!* Seksueel oordraagbare siektes soos VIGS, sifilis, gonorree en herpes sal die voortou neem as gevolg van ons nasies se skandelike lewenswyses en goddelose weë. Die Ewige God sal **nie** toelaat dat ons verrotte wanpraktyke voortgaan sonder die straf vir sulke losbandigheid wat al hoe meer algemeen raak nie. *God laat Hom nie bespot nie!*

Sesde sal die voortreflikheid van die Engelssprekende nasies geweldig verswak en selfs oorheers word deur immigrante wie se waardes teenstrydig is met die erfenis van hulle gasheerlande. As gevolg van politieke druk en ook die sosiale druk wat deur dwelms-handel en ander misdade in die noorde van Mexiko veroorsaak word, kan die V.S. verwag dat verskriklike geweld langs die suidelike grens sal voortgaan en vererger – met al hoe meer *duisende* mense wat aangerand, vermink, verkrag en vermoor word!

Sewende, in 'n verskynsel wat voorheen meestal tot Europa beperk was, sal Islamitiese radikales begin om soos nog nooit tevore nie, in die

V.S. te eis dat hulle Moslemwette toegelaat word om Amerikaanse burgers te regeer. Wees op die uitkyk vir 'n toename in intimidasie – deur “politieke korrektheid” sowel as deur regstreekse geweld – teen plaaslike regerings indien hierdie ekstremiste nie hulle sin kry nie.

Agtste sal China nie die groot mag in die 21ste eeu wees nie. Omring deur toenemende finansiële en maatskaplike probleme, sal die Chinese invloed verswak en 'n **Duitsgeleide** “Europese Ryk” sal in wêreldsake na vore tree. 'n Ontbinding van die huidige struktuur van die Europese Unie en die ondergang of ineenstorting van die Europese geldeenheid sal gevolg word deur die kragtige samevoeging van tien lande in Europa onder leiding van 'n charismatiese “leierfiguur”. Daardie leierfiguur sal die geprofeteerde “Dier” wees wat in Openbaring 17 en 18 beskryf word. Dit sal die finale herlewing van die geskiedkundige Heilige Romeinse Ryk wees, wat Europa vir eeue oorheers het. Dit sal die heel **magtigste** menslike eenheid op die hele aarde word (sien Openbaring 13).

Negende sien die meeste waarnemers deesdae 'n gemoderniseerde en verwarde Rooms-Katolieke kerk, wat deur skandes van pedofilie en ander immorele praktyke verwond is. In teenstelling met baie mense se verwagting, openbaar profesie dat 'n herleefde verenigde en kragtige Roomse

kerk oor die volgende paar jaar as 'n toonaangewende invloed na vore sal tree. Aan die einde van hierdie tydperk sal dit lyk asof die leier van daardie kerk wonderwerke kan verrig. Die Skrif beskryf hierdie man as iemand wat letterlik “selfs **vuur** uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense” (Openbaring 13:13). Hierdie leier en sy kerk, wat gesamentlik met die herrese Heilige Romeinse Ryk sal werk, sal die ware mense van God **vervolg**, byna soos dit in die Donker Middeleeue gedoen is (Openbaring 17:6).

Tiende, omdat hulle bang is vir die mag van hierdie godsdienstig-politieke herlewing van die ou Romeinse Ryk, sal 'n groep van die Arabiese lande in die Midde-Ooste en Noord-Afrika 'n alliansie vorm, onder leiding van 'n heerser wat in die Skrif as die “koning van die Suide” beskryf word (Daniël 11:40-45). Hierdie koning en sy magte sal die komende Europese Diermoondheid uitdaag of aanval. Hulle optrede sal 'n gevaarlike Midde-Oosterse oorlog ontketen wat uiteindelik die verspreidende bedreiging van Islam sal **vergruis**.

Elfde, God sal, meer as ooit tevore, die Amerikaners en nasies van Britse afkoms letterlik met aardbewings “skud”. Terwyl Hy die eindtydse gebeure beskryf het, het Jesus Christus geprofeteer: “En daar sal **groot** aardbewings op verskillende plekke wees” (Lukas 21:11). Wantrouige mense sê soms dat

hulle nie enige statisties-beduidende toename in die aantal of omvang van onlangse aardbewings sien nie – maar met die groeiende wêreldbevolking is dit onbetwisbaar dat miljoene mense meer as ooit tevore beïnvloed sal word. Hierdie skuddings is werklik aan die toeneem, ten spyte van wat die spotters sê. Dit is nie net Bybelstudente wat kennis neem van die groot toename in sterk aardbewings in die afgelope jare nie – vanaf Haïti en Chili in die Westelike Halfrond, tot Japan, Sumatra, Christchurch, Italië en ander plekke in die Oostelike Halfrond. Die grote God – wie nie net die weer beheer nie, maar ook Sy *hele* skepping – meld: “Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel **bewe**” (Hebreërs 12:26). Watter soort “skudding” sal dit neem om die meeste mense wakker te skud? **Miljoene** meer Amerikaners en nasies van Britse afkoms het begin om God se Wet en Sy insettinge te “verag” – die *hele lewenswyse* soos dit in die Bybel uiteengesit is. Presies soos dit voorspel is, begin die Almagtige God nou om Sy ingryping te verskerp om ons tot ons sinne te “skud”!

Twaalfde, uiteindelik sal die ware Jesus Christus – die Christus van die Bybel – na hierdie aarde terugkeer as Koning van die konings (Openbaring 11:15). Omdat die nasies van hierdie wêreld so *heeltemal mislei* is, sal honderde miljoene ontstoke mense, ontstellend soos dit is, letterlik

teen Jesus Christus Self veg – asof Hy een of ander gevreesde vreemde indringer vanuit die buitenste ruim is – wanneer Hy na die planeet Aarde terugkeer om vrede en gesonde verstand in hierdie deurmekaar wêreld te herstel (Openbaring 17:14)!

Teen die einde van hierdie tydperk sal Satan die duiwel die grootste deel van die mensdom so verwar het dat hulle alle vorms van perversies sal aangryp – soos ons in vandag se “transgeslagtelike” beweging sien – saam met bese godsdienslike praktyke wat selfs laster teen die ware God insluit, selfs tot die punt van *duiwel-aanbidding*. Ontelbare miljoene misleiende mense sal “**God vloek**” wanneer Hy Sy plaë uitstort in 'n poging om hulle te verootmoedig en *wakker te skud*: “... en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie” (Openbaring 16:11).

Bid vir begrip!

My vriende, die grondslag vir 'n hele aantal van hierdie ontsagwekkende gebeure word **nou** alreeds gelê! Gedurende die volgende paar jaar van *u lewe* sal u sien hoe hierdie gebeure saamval. Onthou, **tensy** ons in die V.S. en Brittanje en ander moderne Israelitiese nasies ons werklik **bekeer** en begin om die Skepper-God – die God van die Bybel – te dien en te gehoorsaam, sal ons lewens **nooit** weer dieselfde wees nie.

Mense wat lankal hierdie tydskrif lees is daarvan bewus

dat ek gewoonlik nie só duidelik en só direk beskrywend met al ons lesers is oor die verskriklike gebeure wat in die nabye toekoms voorlê nie. Wanneer ons egter sien dat ons eie mense so rasend en opgewonde en veragtelik in hulle opstand teen die ware God raak – wat al hoe meer in ons koerante vertoon word en wat oënskynlik oor die groeiende seksuele verwarring en die verdraaiing van die tradisionele huwelik feesvier – voel ek dat dit my Godgegewe verantwoordelikheid is om u meer as ooit tevore te help om te besef *waarheen al hierdie dinge lei*.

Geagte intekenaar, *verstaan dit asseblief goed!* Die Almagtige God is **nie beïndruk of geïntimideer** deur die blinde en verwarde manne en vroue van die V.S. se Hooggeregshof en die staat en nasionale wetgewers nie. Hy laat Hom ook nie deur *enige* nietige mens of groep mense uitdaag nie. Die werklike God van die Bybel sê: “*Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen*” (Jesaja 46:9-10).

U behoort dus te verstaan **waarom** hierdie vreeslike dinge binnekort sal plaasvind. Weereens het ons in ons tydskrifte, boekies en webwerwe oor die afgelope paar jaar ons bes gedoen om al hierdie dinge duidelik te maak. Vir dié van u wat nuwe intekenaars is of

onlangs eers “ingeskakel” het, *dink asseblief hieraan*: Ons in Amerika en die ander nasies van Britse afkoms het *elke geleentheid gehad* om die geïnspireerde openbaring van God – die Bybel – te bestudeer en te *verstaan*. Ons het egter duidelik die God van die Bybel *verwerp*. In effek het ons die Tien Gebooie as gids vir 'n Christelike lewe “verban”. Ons verbied selfs toenemend die gebruik van die woorde “God” of “Jesus Christus” in baie van ons openbare vergaderings.

Dit is absoluut **verstommend** as ons daaraan dink dat sodanige uitdrukkings van respek vir die Almagtige oor die afgelope 200 en meer jare byna **altyd** ingesluit was! Terselfdertyd neem baie van ons belydende “Christelike” leiers deel aan verskeie “intergeloof” konferensies of godsdienstige byeenkomste, waar die *aanbidding* van Boeddha of Allah saam met die aanbidding van Jesus Christus ingesluit is! Dit lyk of die meeste belydende Christene *geen bewustheid* of diep respek vir die kragtige leerstellings van die **ware** Jesus Christus van die Bybel het nie. Hy het in baie ander soortgelyke opmerkings gesê: “En **wat** noem julle My: Here, Here! en **doen nie** wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46).

Ware Christenskap is **nie** net een “keuse” onder verskeie gelykwaardige godsdienste nie. Dit is **die** unieke Waarheid wat *alleen* die betroubare Wette, oorsprong en die *doel* van lewe

verduidelik en **hoe** om daardie ontsagwekkende doel te verwesenlik. Weereens het Satan die duiwel 'n meesterlike werk verrig deur die *algehele misleiding* van die hele wêreld. Die apostel Paulus was geïnspireer om Satan as “die god van hierdie wêreld” te beskryf (2 Korinthiërs 4:4), asook die “owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Efésiërs 2:2). Die geliefde apostel Johannes beskryf hom as “die duiwel en Satan, wat die **hele wêreld** verlei [*mislei*]” (Openbaring 12:9).

Indien God u denke open – moontlik deur middel van hierdie Werk – dan behoort **u** te begin om die dinge wat ek nou hier sê, op een of ander manier te “bewys”. **Indien** ek korrek is, is **u** en u geliefdes op die punt om die heel ontstellendste en mees traumatiese gebeure in die mens se hele geskiedenis te ervaar! Soos Jesus Christus gesê het: “Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie” (Markus 13:19).

Iewers op hierdie aarde het die Almagtige God *wel* 'n ware Kerk met ware leraars wat u die werklike **Waarheid** sal leer. Dit berus by u om God te “soek” en om noukeurig uit te vind en te **bewys** waar God werk.

Bid vir moed

My vriende, indien u die **Vervolg op bladsy 16**

Die skat van God se beloftes

Deur Richard F. Ames

Die geestelike skatte in u Bybel is baie meer werd as enige iets fisies. Is u op soek na daardie skatte?

Rolprente, boeke en televisieprogramme prikkel die verbeelding wanneer stories oor die soektog na skatte vertel word. Seerowers van ouds het 'n fortuin in goud, silwer en juwele versamel. Sommige van hierdie rykdom is tot vandag toe nog steeds weggesteek. Daar is egter skatte wat veel meer *waardevol* is as enigiets wat in 'n verborge skatkis of 'n gesonke seerowerskip gevind kan word. Daardie skatte word in die Bybel gevind. Dit word *die beloftes van God* genoem *en die waarde daarvan is onskatbaar!*

Meer as 50 jaar gelede het die skrywer David MacDonald 'n artikel getiteld “*Oak Island's Mysterious Money Pit*”, geskryf (*Reader's Digest*, Januarie 1965). Dit vertel die verhaal van hoe die 16-jarige Daniël McGinnis in 1795 op *Oak Island*, suid van Halifax, Nova Scotia, gaan jag het. Hy het 'n 12vt [3.6m] terreininsinking gevind, met 'n hysblok wat oor 'n boom hang. Die volgende dag het hy saam met twee vriende teruggekeer om te begin grawe. Op die diepte van ongeveer 10 vt. [± 3 m], het hulle 'n houtplank gevind. Op 20vt [± 6 m] het hulle 'n tweede plank gevind en by 30vt [9m] 'n derde plank ontdek. Die seuns het opgehou grawe

en terug-gekeer na hulle plase, maar nege jaar later het hulle na die terrein teruggegaan en weer in alle erns begin grawe.

Hierdie keer het hulle 'n staalstaaf in die grond gesink en ongeveer 95vt [± 29 m] laer af iets getref wat hulle gedink het 'n skatkis is. Hulle kon egter nie die skat bereik nie; met hulle terugkeer na die terrein die volgende dag was die skag met water gevul. Dit het gelyk asof wie ook al die skat begrawe het, vernuftige ingenieurtegnieke gebruik het om vloedtonnels bokant die skat te bou, om dit teen ontdekking te beveilig. Een skatting dui daarop dat dit 200 mense so lank as twee jaar kon neem om die ingewikkelde tunnelstelsel te bou.

McGinnis en sy vriende het gesterf sonder om ooit die skat te bereik. Sedertdien het ander skattejagters miljoene dollars aan die “geldput”, vermors maar net drie skakels van 'n goue ketting en 'n deel van 'n ou perkament is gevind. Tog spekuleer skattejagters dat ongelooflike rykdom van seerowers daar begrawe mag lê – moontlik die buit van Kaptein Kidd of dié van die berugte Blackbeard of van die seerower Henry Morgan. Sommige mense dink dat die noukeurig uit-

gewerkte put die Inka skatte bevat wat deur Spaanse ontdekkingsreisigers gesteel is of dat dit dalk die Franse kroonjuwele bevat wat eens aan Louis XVI en Marie Antoinette behoort het.

Vir meer as 200 jaar het fortuinsoekers hulle rykdom verkwis en hulle lewens afgesloof op soek na die skat van Oak Island. Een skattejagter het na bewering opgemerk: “Ek het genoeg gesien om te weet dat daar 'n skat daar onder is – nogtans genoeg om te weet dat niemand dit ooit sal kry nie”.

Die belofte van 'n ware skat

Daar is een skattejag wat altyd oneindige rykdom sal oplewer – indien u bereid is om uself aan die soektog te wy. Daardie skattejag begin in u eie Bybel, waar ons wonderlike skatte van die waarheid en kosbare *beloftes van God* vind.

Indien u soos die meeste Engelssprekende [en Afrikaanssprekende] mense is, besit u waarskynlik ten minste een Bybel. 'n Opname in opdrag van die Amerikaanse Bybelgenootskap het in 2015 bevind dat 88% van alle Amerikaners ten minste een Bybel besit en 79% van hulle beskou die Bybel as gewyd of heilig. Sowat 36% van die respondente het gesê

dat hulle die Bybel ten minste een keer per week lees. Baie mense – met inbegrip van baie *Wêreld van Môre*-intekenaars, lees die Bybel natuurlik daaglik. Net soos Jesus ons aanmoedig om te bid: “... gee ons vandag ons daaglikse brood” (Matthéüs 6:11), behoort ons onself elke dag uit God se Woord te voed.

Indien u na 'n Bybel op soek is of probeer besluit watter een van u Bybels om te gebruik, beveel ons gewoonlik by die *Wêreld van Môre* die Ou 1933 Afrikaanse Vertaling of die Engelse *New King James Version* as die mees akkurate vertalings aan. Natuurlik kan ander vertalings ook nuttig wees indien u deeglik in u studie van die Bybel wil delf.

Om net 'n Bybel te besit is nie genoeg nie. Selfs al besit die meeste Amerikaners een of meer Bybels, is hulle kennis van die Skrif ongelukkig gebrekkig. 'n Opname deur die *Pew Research Center* in 2010 het getoon dat slegs 45% van Amerikaners die name van die vier Evangelies ken terwyl meer as 'n kwart van die respondente geglo het dat die “Goue Reël” een van die Tien Gebooe is, maar dat die opdrag: “... hou die Sabbat heilig” *nie* deel daarvan was nie.

Amerikaners is nie die enigste mense wat kontak met God se Woord verloor het nie. Die Bybelgenootskap het in opdrag 'n verslag in die Verenigde Koninkryk vrygestel wat openbaar dat byna 'n derde van die Britte nie weet waar hulle Jesus se geboorteverhaal kan

lees nie en 59% van hulle het nie besef dat die verhale van Dawid en Goliat asook Jona en die groot vis, uit die Bybel kom nie. Volgens die verslag word daar aan 'n verstommende 54% van die kinders in die Verenigde Koninkryk nooit Bybelverhale deur volwassenes gelees nie en 46% van hulle ouers dink die komplot uit die gewilde “Harry Potter”-stories kom uit die Bybel. “Twee-derdes [van Britse kinders] het nog nooit met die skeppingsverhaal kennis gemaak nie en 'n driekwart van hulle het nog nooit van Daniël in die leeu kuil gehoor nie terwyl meer as nege uit elke tien kinders nie van koning Salomo geweet het nie” (“*The Bible-ignorant youngsters who can't tell Noah from Adam: Third of Children didn't know Nativity story came from Holy Book*”, *DailyMail.co.uk*, 6 Februarie 2014).

Soos so baie Amerikaners en Britte, is dit nodig dat ons as Suid-Afrikaners terugkeer na die geloof van die Bybel! Dit is nodig dat ons die Bybel lees asook bestudeer. Deur dit te doen sal ons oë vir die groot waarhede van God geopen word.

Een van daardie groot waarhede is dat God belooft het om aan ons die ewige lewe te gee. In die boek Matthéüs het 'n jong man vir Jesus gevra wat hy behoort te doen om die ewige lewe te verkry. Jesus het geantwoord: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe. Hy vra Hom: Watter? En Jesus sê – dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie

egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuie nis gee nie; eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Matthéüs 19:17-19).

Jesus het aan die jongman gesê om die Tien Gebooe te gehoorsaam! Hy het vyf van die Tien Gebooe opgenoem en ingeval iemand sou dink dat Hy toestemming gee om die ander Wette wat nie opgenoem is nie te verbreek, sluit Hy af met 'n aanhaling uit die boek Levitikus: “... maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Levitikus 19:18).

Hier het Jesus getoon dat die Tien Gebooe nie net in ons fisiese lewens noodsaaklik is nie, maar ook wanneer ons die ewige lewe van God ontvang. Ons behoort daarvan kennis te neem dat die Tien Gebooe ons nie net verbied nie; die vyfde Gebod wat ons aansê om ons ouers te eer, word selfs “... die eerste gebod met 'n belofte” genoem (Efésiërs 6:2). God sê aan ons dat diegene wat die vyfde Gebod gehoorsaam, seëninge sal ontvang!

Ongelukkig het die jong man in Matthéüs 19 “bedroef weggegaan” (vers 22) en verkies om nie Christus se woorde te gehoorsaam nie. Hy was te geheg aan sy “baie besittings” en het nie besef dat hy nie die Tien Gebooe ten volle gehoorsaam het nie of ook nie Jesus Christus wat daardie Gebooe aan hom gegee het nie.

God se belofde Koninkryk
Skattejagters mag 'n leeftyd spandeer in die soeke na rykdom. Baie misluk. Selfs al het

hulle daarin geslaag, wat het hulle daardeur bereik? Sal hulle soos die ryk jong man van Matthéüs 19 word, wat sy rykdom meer as sy God geag het? Jesus se volgelingen soek in teenstelling hiermee, 'n ewige skat – die Koninkryk van God. Christene behoort God met nog groter ywer te soek as wat skattejagters na goud en juwele soek. Jesus sê: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Matthéüs 6:33). Diegene wat fisiese, aardse skatte soek, faal dikwels in hulle soektog. Wanneer ons egter na God se Koninkryk en Sy geregtigheid soek, sal ons die grootste skat van almal vind – God *beloof ook om ons te voorsien met dit wat ons nodig het.*

Wanneer u werklik na God se wil op soek is, sal Hy u gebede verhoor. “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” (Matthéüs 7:7-11).

Ons moet natuurlik ook ons deel doen. Dit is nodig dat ons “soek” en “klop”. Is u op soek na 'n werk? Ja, bid vir 'n werk, maar

God sal van u verwag om oor potensiële werkgewers navorsing te doen en 'n paar telefoonoproepe te maak. Soek God se geregtigheid en doen wat reg is deur die Gees van God.

Die Bybel vergelyk God se Koninkryk met 'n waardevolle pêrel. “Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pêrels soek; en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit” (Matthéüs 13:45-46). Die kosbare pêrel verteenwoordig geestelike rykdom en ewige lewe. Die mensdom is steeds besig om die harde les te leer dat geen hoeveelheid materiële rykdom blywende geluk sal verskaf nie. Ons sien dit in die lesse wat koning Salomo geleer het. Hy het alles gehad, maar regdeur die boek Prediker vind ons herhaaldelik die tema: “... alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs!” (Prediker 1:2). Salomo was die rykste mens op aarde, maar sy rykdom het nie aan hom tevredenheid gebring nie. Wat was sy gevolgtrekking nadat hy geluk op so baie maniere gesoek het? “Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy geboeie; want dit geld vir alle mense” (Prediker 12:13).

Soos Christus ons onderrig en soos Salomo geleer het, is ware rykdom beskikbaar selfs vir diegene wat finansiëel swakker daaraan toe mag wees. Is u een van daardie mense wat eer en aandag wy aan diegene met 'n gesonde bankbalans, terwyl u daardie mense wat finansiële probleme het verwaarloos?

Verontagsaam u diegene wat deur God geëer word? Die apostel Jakobus herinner ons: “Luister, my geliefde broeders – het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie?” (Jakobus 2:5).

God het nie Sy Koninkryk aan diegene beloof wat groot finansiële rykdom het nie, maar eerder aan dié wat Hom liefhet. Alhoewel hulle in die oë van die wêreld arm mag wees, het diegene wat ryk in geloof is ware rykdom – die ware skat. Hulle soek na God se weg in hulle lewens. God se lewenswyse is 'n skat, soos ons in die boek Spreuke lees. “My seun, as jy my woorde aanneem en my geboeie by jou bewaar, sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand; ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind (want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand)” (Spreuke 2:1-6).

Diegene wat die skat van goddelike wysheid ontvang, ontvang wonderlike beloftes wat hulle lewens kan verander en hulle ewigheid. Soos die apostel Petrus skryf: “Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis

van Hom wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is" (2 Petrus 1:2-4).

God se belofte aan u en u kinders

Wil u die goddelike natuur in u lewe hê? Christene wat God se Heilige Gees ontvang het, het 'n mate van daardie goddelike natuur ontvang. Dit is een van die kosbaarste beloftes van die Bybel. Op Pinksterdag het die apostel Petrus voor duisende mense verkondig: "En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes; en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep" (Handelinge 2:38-39).

Soos Petrus sê: God se belofte is gegee "aan julle en julle kinders, en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep." Indien God u roep, dan is dit nodig dat u op Sy roeping reageer. Bekeer u, bereken die koste van die verbintenis (Lukas 14:28), gaan na God in gebed en vra vir Sy leiding. Moontlik voel u gereed om gedoop te word. Indien u berading oor die doop wil ontvang, skakel net die streek-

kantoor wat die naaste aan u geleë is. Sien bladsy 2 van hierdie tydskrif en 'n ware leraar van Jesus Christus sal met u, op 'n tyd en plek wat vir u geleë is, in verbinding tree om u raad te gee en u te help om vir die doop voor te berei.

Sonder God se Gees kan ons nie Sy Koninkryk beërf nie. Soos die apostel Paulus skryf, daardie Gees is die gees "van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Timótheüs 1:7). Deur God se Gees kan u menslike natuur verander word en u kan werklik begin om God te volg en Hom gehoorsaam te wees. Soos Paulus skryf: "[E]n die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is" (Romeine 5:5). Deur God se Heilige Gees kan u u selfsugtige menslike natuur met God se liefdevolle natuur vervang.

Christene ontvang die gawe van God se Heilige Gees, volgens Sy belofte, na bekering en aanvaarding van Christus se gestorte bloed vir die vergifnis van sondes. Hierdie gawe sluit God se wonderlike belofte van verlossing deur die lewende Jesus Christus in. "Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdigte sterwe – vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe – maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan

sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is" (Romeine 5:6-10). Ja, God se ontsagwekkende belofte is dat Hy ons deur die lewende Jesus Christus sal red!

Soos ons gesien het is die Bybel 'n skatkis van goddelike beloftes. Een van die kosbaarste beloftes wat dikwels oor die hoof gesien word, word in die boek Filippense gevind. Indien u gemoedsrus wil hê, sal u op hierdie belofte wil reageer. "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (Filippense 4:6-7).

Soos Salomo ontdek het, kan al die rykdom en skatte van die wêreld nie vir u gemoedsrus koop nie. God kan egter aan u Sy vrede gee, wat "alle verstand te bowe gaan". Hoe kan u hierdie belofte opeis? Deur vurige gebed. Wanneer u die Bybel lees, sal u talle beloftes vind wat God aan u gemaak het. Vertel aan Hom, op u knieë, in gebed, wat en hoeveel u nodig het – dit wat Hy belowe het. Bid met vrymoedigheid. Onthou die Skrifgedeelte: "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons

Vervolg op bladsy 26

Het dinosourusse bewys dat God dood is?

Deur Gerald Weston

Jurassic Park van Stephen Spielberg was 'n groot lokettreffer met die bekendstelling in 1993. Die rekords wat met die vertoning van die 2015 opvolger, *Jurassic World*, verbeter is, het getoon dat die aantreklikheid van hierdie onderwerp nie afgeneem het nie. Dinosaurs maak ons al van lankal af nuuskierig en ons wonder daarvoor sedert die eerste bene opgegrawe is.

Wetenskaplikes vertel aan ons dat dinosourusse die aarde bewandel het in geologiese tye wat bekend staan as die Triás-Jurassies- en Krytytydperke. Daardie tydperk, só word aan ons vertel, het ongeveer 65 miljoen jaar gelede geëindig, wat dus 'n belangrike vraag ter sprake bring. Maak dinosourusse die Bybel ongeldig en skryf dit, by implikasie, die dood van God in rots?

Aanhangers van die Jong Aarde skepping glo dat die Bybel sê die aarde en ganse heelal is net 6,000 jaar oud. Die gaping tussen hierdie opregte gelowiges en die meeste wetenskaplikes is egter so groot dat daar geen manier is om dit te oorbrug nie. Word dit verder van ons verwag om te glo dat die Tyrannosaurus Rex saam met Adam en Eva gewandel het? Was Brontosourusse saam met Noag in die ark en indien wel – waarom bestaan hulle nie meer vandag

nie?

Hier by die *Wêreld van Môre* glo ons die Bybel en dat alle lewe deur die God van die Bybel geskep is, maar is dit moontlik dat die wêreldbeskouing van heelwat skeppingsaanhangers sowel as dié van baie wetenskaplikes albei verkeerd is? Is dit moontlik om die Bybel en sommige dinge wat die wetenskap ons bied met mekaar te versoen?

Diegene wat ons *Tomorrow's World* televisieprogram volg en ons tydskrif en literatuur lees, weet ons verwerp die Darwinistiese evolusionêre verklaring vir die oorsprong van die groot verskeidenheid plant- en dierelewe wat ons op hierdie planeet sien. Ons toon bewyse van hoogs opgeleide wetenskaplikes en geleerdes wat die konsep verwerp dat lewe deur 'n toevallige gebeurtenis of natuurlike seleksie ontwikkel het. Dus, voordat ons by Bybelse bewyse kom om die Jong Aarde skepping te verwerp, laat ons net eers na **een** aspek van bewyse kyk om Darwinisme te verwerp.

Getuienis van die fossielrekord

Van die begin af het Charles Darwin 'n groot probleem in sy poging gehad om geleerde wetenskaplikes te oortuig dat alle vorms van lewe die gevolg van blinde toeval is. Volgens Darwin

het lewe oor 'n baie lang tydperk ontwikkel as gevolg van tallose klein veranderinge in verskeie lewensvorms. Tog toon fossielrekords presies die teenoorgestelde en hier is die rede waarom.

Fossiele toon dat alles, van primitiewe skaaldiere tot Tyrannosaurus Rex, ten volle gevorm was. Vandag sien ons dieselfde ding in die hedendaagse wêreld: 'n Reeks volledig-ontwikkelde lewensvorms – honde, katte en beeste – elkeen volledig ontwikkel – met 'n groot verskeidenheid binne sy eie soort gevorm. Merkwaaardige seediëre en allerlei soorte voëls is ten volle funksioneel, tog word aan ons vertel dat alles uit een of ander “mindere vorm” ontstaan het. Op skool word kinders geleer dat voëls uit reptiele ontstaan het, maar eenvoudige logika skryf voor dat indien evolusie baie stadig en geleidelik was, sou daar aansienlik meer *oorgangsfossiele* wees as wat daar voëls of reptiele is waaruit hulle veronderstel was om te ontwikkel. Die mitiese oorgangreptiele wat deur Darwin se evolusie benodig word, bestaan net in kunstenaars se verbeeldings.

Michael Denton verduidelik die probleem in *Evolution: A Theory in Crisis*. “Indien daar volgens hierdie teorie tallose oorgangsvorme bestaan het,

waarom vind ons dit nie in ontelbare getalle in die kors van die aarde vasgelê nie?" (bl. 157). Hierdie ontbrekende oorgangsfossiele was van die begin af vir Darwin 'n probleem. Terwyl persone wat minder hieroor nadink makliker deur Darwin se aannames oortuig kon word, het die geleerde wetenskaplikes van sy tyd onmiddellik besef dat daar ernstige probleme met sy teorie is, veral wat die fossielrekords betref. Bill Bryson verduidelik in *A Short History of Nearly Everything*: "On the Origin of Species" dat dit 'n onmiddellike kommersiële sukses was, maar waarskynlik 'n minder kritiese een. Darwin se teorie bevat twee hardnekkige struikelblokke. Daar was meer tyd nodig ... en is nie juis deur fossielbewyse ondersteun nie. Darwin se meer deurdagte kritici vra waar die oorgangsvorme is wat sy teorie so duidelik vereis? Indien nuwe spesies voortdurend besig is om te ontwikkel, dan moet daar tog 'n verskeidenheid oorgangsvorme oor die fossielrekord verspreid wees, maar daar is nie" (bl. 389).

Bryson het 'n billike voetnota wat beweer dat 'n oorgangsvorm ontdek is: "Archaeopteryx lyk of dit ... 'n wese halfpad tussen 'n voël en 'n dinosaurus mag wees. (Dit het vere gehad, maar ook tande)" (bl. 389). Selfs hier erken Bryson dat hierdie vonds omstrede sowel as hopeloos onvoldoende was om soveel ondersteuning aan Darwin se tesis te bied: "Dit was 'n indrukwekkende en nuttige vonds en die betekenis

daarvan is heelwat bespreek, maar 'n enkele ontdekking kon nouliks as beslissend beskou word" (bl. 389).

Terwyl Darwin sy teorie ontwikkel het, mag hy dalk 'n verskoning gehad het omdat hy nie intermediêre lewensvorme gevind het nie, maar tyd was nie sy bondgenoot nie. "Die afwesigheid van tussenvorme in 1860 was nie ramspoedig nie hoewel skadelik, want dit was redelik om te hoop dat heelwat bewyse uiteindelik gevind sou word namate geologiese aktiwiteite toeneem ... Slegs 'n klein fraksie van die honderduisend of so fossiel-spesies wat vandag bekend is, was aan Darwin bekend. Feitlik alle nuwe fossiel-spesies wat sedert Darwin se tyd ontdek is, is reeds óf nou verwant aan bekende vorms of soos die Pogonophoris, vreemde unieke tipes van onbekende verwantskap" (Denton, bl. 160-161).

"'n Verregaande hipotese"

Waar is hierdie vermiste skakels dan? Ons sien dinosourusse en duisende vreemde uitgestorwe spesies. Ons sien moderne spesies, maar elkeen is volledig op sigself en daar is geen onweerlegbare bewyse dat een soort ooit in 'n ander soort ontwikkel het nie. Ons moet erken dat 'n groot verskeidenheid binne 'n bepaalde spesie geteel kan word: Daar is byvoorbeeld heelwat verskillende honderasse, maar almal is nog steeds honde, net soos alle katte steeds katte is en Darwin se vinke is steeds vinke. Die

derduisende fossiele wat een soort aan 'n ander soort koppel is eenvoudig net **nie** daar in die oorfloed waar hulle na verwagting volgens Darwin se evolusie moes wees nie! Sulke "vermiste skakels" is skitterend in hulle afwesigheid.

Genealogiese diagramme word aan studente getoon wat vermoedelik demonstreer hoe eenvoudige lewensvorme aanleiding kon gee tot meer komplekse lewensvorme, maar waar is die konkrete bewyse dat een soort ooit in 'n ander soort ontwikkel het? Dit bestaan nie! Waar hierdie skakels **wel** gevind word, is in die verbeelding van die mensdom se gedagtes!

Michael Denton som die situasie veelseggend op:

Die geheelbeeld van lewe op Aarde vandag is so onsamehangend, die gapings tussen die verskillende tipes so opsigtelik dat soos Steven Stanley ons in sy onlangse boek, *Macroevolution*, herinner dat indien ons kennis van biologie beperk was tot daardie spesies wat nou op die Aarde bestaan, "ons sou wonder of die doktrine van evolusie vir enigiets meer as 'n verregaande hipotese sou kwalifiseer". Sonder tussen- of oorgangsvorme om die enorme gapings wat bestaande spesies en groepe organismes van mekaar skei te oorbrug, kon die konsep van

evolusie nooit ernstig as 'n wetenskaplike hipotese aanvaar word nie (bll. 157-158).

Waarom is dit dan dat die evolusieteorie as 'n feit beskou word, terwyl daar in werklikheid **geen** konkrete bewyse bestaan nie? Stephen Jay Gould en Niles Eldredge erken die volgende: “Die algemene voorkeur wat so baie van ons vir die leer van geleidelikheid hou is 'n metafisiese standpunt wat in die moderne geskiedenis van Westerse kulture vasgelê is ...” (*Punctuated Equilibria: The Tempo and Mode of Evolution Reconsidered*, *Paleobiology*, 3:115-51, bl. 145, deur Denton aangehaal op bl. 70).

Met ander woorde, die bewyse vir geleidelike, Darwinistiese evolusie is op filosofie en geloof gebaseer, eerder as wetenskaplike bewyse. Hoe is dit moontlik? Hoe kon ons moderne, veronderstelde verligte en wetenskaplike wêreld so sterk en heelhartig in 'n onbewese teorie glo? Soos Denton verduidelik: “Om mens se interpretasie van die wêreld te verander is geensins dieselfde as om 'n nuwe feit te vestig nie. In 1850 was die feite dieselfde soos in 1870, dis net die persepsie daarvan wat verander het” (Denton, bl. 74).

Met verloop van tyd is dit wat as teorie erken is, selfs metafisika of filosofie, aanvaar en versterk voordat al die feite beskikbaar was. Daar is geglo dat duisende en selfs miljoene vermiste skakels met verloop

van tyd gevind sou word, maar tyd het dit anders bewys.

Sodanige gebrek aan die ondersteuning van evolusie kortwiek die teorie op 'n aantal maniere. In Darwin se tyd byvoorbeeld, het bioloë geen benul gehad van die ingewikkeldheid van die mikroskopiese sel nie. Selfs vandag nog hoor biologies studente misleidende terme soos “'n eenvoudige sel” terwyl sellulêre lewe alles behalwe eenvoudig is. Met gevorderde kennis van die struktuur van sellulêre lewe, het die geloof in blinde toeval blinde geloof geword. Dit het egter nog nie mense wakker geskud om die irrasionele te verwerp nie. Soos Denton verduidelik: “Die feit dat elke tydskrif, akademiese debat en gewilde bespreking aanvaar dat Darwin se teorie die waarheid is, dra dit by tot die geloofwaardigheid om die teorie geweldig te versterk. Dit is bestem om so te wees, want soos sosioloë met kennis moeite doen om daarop te wys ... die aanneemlikheid van enige teorie of wêreldbeskouing hang grootliks af van die sosiale ondersteuning wat dit ontvang, eerder as die beproefde inhoud of verstandige beginselvastheid daarvan. Dus ... die geldigheid van Darwin se teorie ... kan op geen manier verkeerd wees nie” (Denton, bll. 74-75).

Jong Aarde skepping is ook verkeerd

Net soos vandag se evolutioniste ongelukkig roekeloos valse aannames aanvaar, het die Jong Aarde skeppings-

aanhangers ook hulle wêreldbeskouing op foutiewe aannames baseer. Hulle neem met die terloopse lees van 'n skriflesing aan dat die aarde en ganse heelal 6,000 jaar gelede geskape is, maar sê die Bybel regtig so? Op die oog af mag dit lyk of dit wel die geval is. Let op in die boek Exodus: “Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig” (Exodus 20:11).

Is dit moontlik dat daar meer agter hierdie gedeelte is as wat met die eerste oogopslag waargeneem word? Is dit moontlik dat 'n ondeurdagte aanname gemaak is? Waarom sê die vertalers: “Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde **gemaak**” in plaas van “Want in ses dae het die HERE die hemele en die aarde **geskep**”? Besonderhede raak dikwels verlore wanneer van een taal na 'n ander vertaal word of dit nou Hebreeus na Engels of Afrikaans of Frans na Chinees is. Vertalers verstaan dat daar twee verskillende Hebreeuse woorde by hierdie onderwerp betrokke is en dit bring ons by die heel eerste vers van die Bybel, Génesis 1:1. Hier het ons die woord *geskape* in plaas van *gemaak*: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape.” Die woord wat as *geskape* vertaal is, is van die Hebreeuse woord *bara'* afkomstig, terwyl die Afrikaanse woord *gemaak* van die

Hebreeuse *'asa* of *yasar* afkomstig is. Dit is geen geringe verskil nie. Die hoogs gerespekteerde *Theological Wordbook of the Old Testament (TWOT)* verduidelik: “Die oorsprong *bara'* het die basiese betekenis 'om te skep'. Dit verskil van *yasar* 'om te vorm [of te maak]' in die sin dat laasgenoemde hoofsaaklik die vorming van 'n voorwerp beklemtoon terwyl *bara'* die aanvang daarvan beklemtoon” (#278a, bl. 127).

Met ander woorde, *bara'* beteken die aanvanklike begin van iets. Génesis 1:1 sê dat God die hemel en die aarde aan die begin **geskape** het. Niks het fisies voor die skepping bestaan nie. Vandag vertel wetenskaplikes ons dat die heelal geskep is in wat algemeen as die “Oerknal” (*Big Bang*) bekend staan.

Soos byna almal dit vandag verstaan, bestaan materie uit atome en atome uit nog kleiner deeltjies. Wetenskaplikes is deesdae oortuig dat die hele materiële heelal aanvanklik in 'n ruimte baie kleiner as die punt aan die einde van hierdie sin gekonsentreerd was. Soos Bill Bryson dit verduidelik, het die Oerknal alles wat ons sien en voel – alles wat ons materie noem, alles wat bestaan – uit niks begin: “Dus, het ons heelal uit niks begin” (*A Short History of Nearly Everything*, bl. 10). Heel verbasend stem die Bybel en wetenskap oor hierdie punt ooreen (sien Hebreërs 11:3).

Génesis 1:1 sê aan ons dat daar 'n begin van materie **was**, soos die meeste wetenskaplikes

bevestig. Om nou met die *TWOT* se definisie van *bara'* voort te gaan: “... sedert die primêre klem van die woord op die nuutheid van die geskape voorwerp is, leen die woord homself goed tot die begrip van skepping ex nihilo [uit niks] ...” (#278a, bl. 127).

Soos ons kan sien, het ons twee totaal verskillende woorde. Wanneer dit in Engels [of Afrikaans] vertaal word, beteken die een om uit niks te skep terwyl die ander een beteken om te vorm of iets uit voorafbestaande materiaal te maak. Die *TWOT* gaan voort: “Die gebruik van *bara'* in die openingsweergawe van die skeppingsverhaal lyk of dit impliseer dat die fisiese dinge in daardie tyd tot stand gekom het en dat daar geen vorige bestaan was in die vorm waarin dit deur Goddelike bevel geskep is nie. Die gebruik van *'asa* mag eenvoudig die daad van vorming van die voorwerpe wat betrokke is in die hele skeppende proses insluit” (*TWOT*, #1708a, bl. 701).

Génesis 1:1 sê aan ons dat God in die begin die hemel en die aarde **geskape** het, maar vers 2 dui aan dat iets *ná* die oorspronklike skepping plaasgevind het. Weereens, Engelse en Afrikaanse vertalings verbloem dikwels ietwat die betekenis wanneer die werkwoord *was* in plaas van *geword* het gebruik word, soos die Hebreeuse woord elders vertaal word (Génesis 2:7,10): “En die aarde was [of het] woes en leeg [geword], en duisternis was op die wêreldvloed.”

Verwoesting en herstel

Die woorde “woes en leeg” is uit twee woorde vertaal – *tohu* en *bohu* – uit die oorspronklike Hebreeus. Albei woorde word net hier en in twee ander Skrifgedeeltes saam gebruik. Die ander twee geleentheids gebruik daardie Hebreeuse woorde om massiewe vernietiging as gevolg van sonde te beskryf (Jesaja 34:11; Jeremia 4:23). Die Hebreeuse woord *tohu*, wat as “woes” vertaal is, word in sestien bykomende verse gevind en in elke geval word dit gebruik in 'n negatiewe konteks van iets wat heeltemal waardeloos, leeg of in 'n toestand van wanorde is. Tog sê God in Jesaja 45:18 dat Hy *nie* die aarde in so 'n toestand van wanorde geskape het nie. Hiermee in gedagte, behoort ons te wonder *waarom en hoe* die aarde in die toestand geraak het soos wat ons in Génesis 1:2 vind.

In Jesaja 14 lees ons van 'n opstand deur 'n magtige engelwese wat probeer het om die heerskappy van die heelal van sy Skepper oor te neem: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester [Lucifer], seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre [of engele] van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!” (verse 12-14).

In Eségiël 28 word ook van

hierdie opstand gepraat. Die hoofstuk begin met die prins, die menslike vors van Tirus, maar gaan oor na die gevalle engel se mag agter die vors. “Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut ... Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is ... daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut!” (verse 14-16, sien ook verse 12-13).

Ons kan nie verseker weet dat dit hierdie opstand was wat die dinosaurus tydperk tot 'n skielike einde gebring het nie en of dié opstand op 'n later stadium plaasgevind het nie. Daar is baie dinge wat ons nie ten volle verstaan nie, maar uit Génesis 1:1-2 en ander Skrifgedeeltes is dit duidelik dat die fisiese heelal geskep is, maar dat dit later tot 'n toestand van wanorde verval het as gevolg van 'n engeleopstand. Dit was ná hierdie opstand en vernietiging dat ons by Génesis 1:3 kom, waar God begin het om die aarde te hervorm en te verander.

Die wêreld waarin ons vandag leef is 'n heel ander wêreld as dié van die dinosourusse. Dit lyk of die mens en boomgrootte reptiele nie saam bestaan het nie en die beste begrip van geologiese rekords dui baie duidelik daarop dat dit nie so was nie. Teen die tyd dat

die mens op die toneel verskyn het, was die meeste van die “Jurassic wêreld” onder berge grond begrawe.

Jong Aarde skeppingsaanhangers probeer om al die geologiese lae wat in laag op laag neergelê is met al die fossiele wat daarin gevind word, as gevolg van die wêreldwye vloed van Noag se tyd te verduidelik. Min geloofwaardige wetenskaplikes sal enige aandag aan sulke denke gee en met goeie rede. Hoewel Noag se vloed *wel* plaasgevind het, kan 'n universele vloed van 4,000 jaar gelede nie 'n wêreld vol dinosourusse verduidelik nie. Geologiese rekords toon geen bewyse dat mense en dinosourusse saam bestaan het nie. Terwyl ons hare kloof oor hoe akkuraat radiokoolstof, kalium-argon of ander wetenskaplike dateringsmetodes werklik is en ons vooropgestelde vooroordeel opsy skuif, moet ons saamstem dat die aarde aansienlik ouer is as wat die Jong Aarde skeppingsaanhangers bereid is om te erken. Selfs al sou ons toegee dat daar onsekerhede in die verskillende tegnieke, wetenskaplike dateringsmetodes en ander oorwegings is – soos hoe lank dit lig neem om vanaf verafgeleë sterre tot by die aarde te reis – skilder dit tog gesamentlik 'n oortuigende beeld van 'n aarde en 'n heelal wat baie ouer as 6,000 jaar is. Soos ons gesien het word die

feite nie deur die Bybel weerspreek nie. Hoewel die mensdom en die lewe wat ons vandag sien, inderdaad 6,000 jaar gelede geskep is – net soos die Bybel sê – het die aarde 'n veel ouer geskiedenis, met genoeg ruimte vir dinosourusse in sy antieke verlede, voor die vernietiging wat in Génesis 1:2 beskryf word.

Dit beteken egter nie dat ons al die antwoorde op die aarde se geheimsinnige verlede het nie. Ons het dit nie. Die sogenaamde “gapingsteorie” – of “vernietigherstel teorie” – wat ons hier verduidelik het, word deur baie mense verwerp. Dit is egter tot op datum die beste verklaring om die duidelike waarhede van die Bybel en die oorweldigende bewyse van die wetenskap met mekaar in ooreenstemming te bring.

Ons behoort nie die huidige wetenskaplike denke as die finale antwoord te aanvaar nie, maar ook nie enigiets in die wetenskap heeltemal ter syde stel nie. Waar daar konkrete bewyse is wat nie God se Woord weerspreek nie, behoort ons dit te aanvaar. Menslik gefabriceerde teorieë, soos Darwin se evolusieteorie, wat nie deur konkrete bewyse ondersteun word nie en duidelik deur God se Woord weerspreek word, behoort onbevrees verwerp te word. **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 6 – Belangrike gebeurtenisse in die nabye toekoms

agtergrond van die boek Eségiël in Bybelse woordeboeke en ander bronne deeglik bestudeer, sal u vind dat dit ongeveer 593 – 571 v.C. geskryf is. U sal ook vind dat die antieke “Huis van Israel” in Assiriese ballingskap geneem is in ongeveer 721 v.C. – meer as 100 jaar **voordat** die boek Eségiël geskryf is! Regdeur die boek Eségiël beskryf God keer op keer die straf wat Hy beplan om oor die “Huis van Israel” te bring. Sy waarskuwing soos Hy dit heel duidelik maak, was nie net vir die “Huis van Juda” (vandag se Joodse volk), wat toe 'n aparte nasie van Israel was nie (Eségiël 3:1,17; 4:1-6; 5:4).

Deur Esegïel noukeurig te bestudeer, word dit *baie duidelik* dat die meeste van die profetiese gebeure wat God beskryf, toekomstige gebeure is wat sal plaasvind teen die “tyd van die einde”, wanneer die moderne afstammeling van antieke Israel weereens in ballingskap geneem sal word. *Indien* u ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* sal bestudeer, kan u *aan uself bewys* dat die Anglo-Saksiese/Keltiese volke – regoor die V.S., die Verenigde Koninkryk, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika, sowel as die vredeliewende nasies van Noordwes Europa – *werklik* die afstammeling van die sogenaamde “Verlore Tien Stamme” van Israel is. Met

daardie kennis sal u *insien* dat dosyne belangrike eindtydse profesieë direk met die *moderne afstammeling van antieke Israel* praat, want dit is 'n belangrike “sleutel” tot begrip van eindtydse profesieë. Hierdie profesieë is *juis nou* besig om vervul te word – reg voor ons oë!

In Eségiël 33 sê God dat Hy 'n “wag” aangestel het om Israel te waarsku oor wat om in die eindtyd te doen. Ons by die *Wêreld van Môre* is deel van die Werk van die lewende Christus en vervul die verantwoordelijkheid van hierdie eindtydse “wag”! Ons verstaan dat vir die meeste mense die boodskap wat ons verkondig slegs as 'n “getuienis” sal dien en nie positief ontvang word nie. Die feit dat u hierdie artikel lees beteken nogtans dat God u heel waarskynlik nou roep om te verstaan en om op hierdie boodskap te reageer! *Indien* u opreg belangstel om meer aangaande die **ware** profetiese gebeure te leer en om dit te **verstaan** wat binnekort voorlê, vra asseblief die volgende gratis boekies aan en **bestudeer** dit werklik saam met u Bybel: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig*, *Die Dier van Openbaring*, *Die Midde-Ooste in Profesie*, *Openbaring: Die Verborgene Onthul!* en *Wie of Wat Is die Antichris?* Om u gratis eksemplare aan te vra, kontak die streekkantoor die naaste aan

u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of gaan na ons webwerf, *wvm.co.za*, om die boekies te bestel of dit aanlyn te lees.

Ons in hierdie Werk wil graag *vir u tot diens wees*. Indien u opreg belangstel, kan u uitvind dat ons op 'n werklike wyse verbind is tot die uitvoering van Jesus Christus se “Groot Opdrag”. Ons besef dat dit beteken dat dit nodig sal wees om ons “gemaklike” lewe in die wêreld prys te gee. Omdat ons die Waarheid van God met oorgawe verkondig, besef ons dat ons eie vriende en familielede selfs sal begin om 'n afkeer in ons te hê omdat ons 'n boodskap verkondig wat **nie gewild is** nie. **Omdat** ons **nogtans** wel die “vrees vir God” het en omdat ons werklik weet dat Hy bedoel dat ons 'n boodskap verkondig wat die meeste mense in ons “verblinde” samelewing **nie** aan die einde van hierdie verwarde tydperk **sal aanvaar** nie, is ons gewillig om dit te doen – omdat ons weet dat God ons **beveel** het om dit te doen!

Dus – *vir u eie beswil* – skryf asseblief vir hierdie **gratis** boekies en die ander materiaal hierbo genoem en **bewys** aan uself dat wat ons sê die waarheid is! Vra dan vir God vir die geloof en die moed om volgens die Waarheid daadwerklik op te tree. Laat my toe om u te verseker dat oor die volgende paar jaar van *u lewe*,

Kanada: Nabetragting na 150 jaar

Deur Michael Heykoop

Regoor Kanada was die **jaar 2017 bestem om** een van feesviering en nabetragting te wees. Die 150ste herdenking van die geboorte van die nasie het op 1 Julie 2017 plaasgevind. Vier provinsies het 'n konfederasie gevorm wat bekend was as die ***Dominion of Canada***. Geleenthede om hierdie mylpaal te vier is regoor die land vir regdeur die jaar beplan. Dit dien ook as 'n geleentheid om terug te kyk na Kanada se suksesse en mislukkings oor die afgelope 150 jaar en behoort ons aan te spoor om belangrike vrae te vra soos: "Hoe het ons gekom waar ons is?" en "Waar gaan ons heen?" Moontlik mag die belangrikste vraag wees: "Is daar 'n beter alternatief?"

Die Kanadese behoort in alle opsigte met 'n sekere mate van bevrediging oor die afgelope 150 jaar terug te kyk. Wat met net vier provinsies begin het strek nou vanaf die Atlantiese tot die Stille Oseaan, tot die verste uithoeke van die Noorde en die Arktiese Oseaan. 'n Transkontinentale spoorstelsel, die ontdekking van insulien en die vestiging van 'n openbare fondsde gesondheidsorgstelsel is net 'n paar van die prestasies waarna Kanadese met trots kan toekyk. Soos met enige nasie, sluit Kanada se verlede en hede 'n klompie betreurenswaardige

oomblikke in. Korrupsie, skandale en ongeregtheid het van tyd tot tyd in een of ander vorm plaasgevind en hoe enige een daarvan u of u geliefdes geraak het, sal ongetwyfeld u siening van Kanada se prestasies beïnvloed. Dit was geensins 'n volmaakte 150 jaar nie en 'n mens behoort te vra waarheen vandag se besluite hierdie land in die toekoms sal lei.

Kanada geniet gereeld ten spyte van sy tekortkominge gunstige plasing op die ranglyste van nasies met die beste reputasie ("*The 19 countries with the best reputation in the world*", *BusinessInsider.com*, 12 Augustus 2016); lewenskwaliteit ("*Quality of Life Rankings*", *USNews.com*) en veiligheid ("*The Ten Safest and Ten Most Dangerous Countries In the World*", *TheWeek.co.uk*, 8 Junie 2016). Is daar 'n geheim vir Kanada se sukses?

Goeie grond en stabiele regering

Wanneer ondersoek ingestel word waarom sommige lande op een manier ontwikkel en ander op 'n ander manier, is dit nuttig deur te begin om na elke land se mees basiese besitting te kyk – die land self. 'n Nasie met beperkte waterbronne, moeilik bewerkbare grond of uiterste weerstoestande, gaan moeilik floreer. Deur geen groot daad van sy eie nie, is Kanada geseën

met ryk landbougrond, oënskynlik onbeperkte vars water en groot natuurlike hulpbronne soos hout, natuurlike gas, koper, lood, goud en silwer. Hierdie seëninge het vir die jong nasie 'n grondslag voorsien en dit op 'n pad na welvaart geplaas. Geleerde lesers van die *Wêreld van Môre* besef dat hierdie seëninge nie aan ons geskenk is as gevolg van ons eie grootsheid nie. Intendeel, dit vorm deel van die geboortereg seëninge wat eersens aan Abraham beloof is (Génesis 12:1-3; 13:14-16) en toe deur Isak en Jakob aan die seuns van Josef, Efraim en Manasse oorgedra is (Génesis 35:10-11). Vir meer besonderhede oor hoe Kanada, die Verenigde State, Groot Brittanje, Australië, Nieu-Seeland en ander nasies die voordele van hierdie antieke beloftes gepluk het, lees ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

Ewenwel, hulpbronne alleen is nie genoeg om 'n nasie werklik te laat floreer nie. Ervarings van verskeie moderne lande leer ons dat nuut ontdekte hulpbronne wat tot 'n instroming van rykdom vir die nasie as 'n geheel lei, nie altyd 'n beter lewensgehalte vir die gemiddelde burger tot gevolg het nie. Kanada, saam met ander vooraanstaande nasies in die wêreld, het ook grootliks baat

gevind by *stabiliteit in die regering en die oppergesag van die reg.* Mens kan maar net na die Oekraïne, die Kongo of Sirië kyk om te sien dat die ineenstorting van 'n regering tot die ineenstorting van die samelewing self lei sodat dit nie meer bevorderlik vir vernuwing, voorspoed of selfs basiese vrede en veiligheid is nie. Die feit dat Kanada dwarsdeur sy geskiedenis so 'n ineenstorting vermy het en relatief verenig gebly het, het 'n gunstige omgewing vir groei en prestasie tot gevolg gehad. Laat ons eerlik wees – Kanada se regering is nie sonder tekortkominge nie. 'n Vinnige opname van die wêreld se diktatorskappe en mislukte state openbaar dat ons baie het om voor dankbaar te wees. Een honderd en vyftig jaar van 'n stabiele regering is geen klein seën nie.

Kon dit beter wees?

Verbeel u wat oor 'n veel langer tydperk bereik kan word. Wat kan tot stand kom in 'n 1,000 jaar? Wat sal gebeur indien die onvolmaakte regering van Kanada of van enige ander nasie vir dieselfde rede, met 'n **volmaakte** regering onder leiding van Jesus Christus Self, vervang word? Dit is moeilik onder sulke omstandighede om te verklaar wat bereik kan word. Die boek Openbaring maak dit duidelik dat so 'n regering binnekort gevestig sal word! Johannes het aangeteken dat die heiliges vir 'n duisend jaar lank saam met Christus sal leef en regeer (Openbaring 20:4).

Baie profesieë in die Bybel

skilder 'n helder prentjie van hierdie idilliese tyd. Paulus verwys na hierdie tyd as “die tye van die wederoprigting van alle dinge” (Handelinge 3:21). Jesaja beskryf die woestyne wat sal blom van lewe (Jesaja 35:1-2) en 'n tyd van groot genesing (Jesaja 35:5-6). Sagaria openbaar die gevoel van vrede en veiligheid wat eweveel deur oud en jonk geniet sal word (Sagaria 8:4-5). Al hierdie dinge sal deur regverdige regering onder leiding van Jesus Christus moontlik gemaak word (Jesaja 9:6-7).

Die komende Messias sal nie die enigste een wees wat leierskap in hierdie tyd verskaf nie. Eségiël toon aan dat koning Dawid uit die graf opgewek en onder Christus, as koning aangestel sal word om oor die hele volk van Israel te heers (Eségiël 37:22-25). Dit sluit nie net moderne “Israel” – die klein Joodse staatjie in die Midde-Ooste in nie – maar ook 'n hele paar ander prominente nasies van die wêreld soos ons in talle artikels, beeldsendings en boekies aangedui het. Jesus Self het beloof dat heerskappy van elkeen van die twaalf stamme van Israel aan sy herrese Apostels gegee sal word (Matthéüs 19:28).

Paulus beskryf hierdie opstanding uit die dood en openbaar dat die dooies onverganklik opgewek sal word (1 Korinthiërs 15:42-44, 51-53). Jesus Christus sal saam met die heiliges wat as onverganklike geestelike wesens opgewek is, die wêreld se eerste **volmaakte** regering vorm. Daardie vol-

maakte regering sal vir 'n duisend jaar oor die hele wêreld regeer (Openbaring 20:4)! Dit is vir ons onmoontlik om ten volle die dramatiese effek wat dit op die wêreld sal hê te begryp. Soos die apostel Paulus sê, dit het nie eers in die hart van 'n mens opgekom, wat God berei het vir die wat Hom liefhet nie (1 Korinthiërs 2:9). Hy verduidelik tog dat daar 'n manier vir ons is om dit te verstaan! “Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar” (vers 10).

Deur sy Gees kan ons oor hierdie wonderlike tyd leer wat aan diegene gegee word wat aan Hom gehoorsaam is (Handelinge 5:32). Deur die Heilige Dae wat in die Skrif beveel word te onderhou, kan ons van God se uiteindelijke plan van verlossing leer, terwyl elke Bybelse Fees 'n belangrike stap in daardie plan uitbeeld. Paulus verwys na hierdie jaarlikse Sabbatte as versinnebeeldings van toekomstige dinge (Kolossense 2:16-17) en dit is só, omdat dit sodanige toekomstige gebeure *uitbeeld*. U mag verbaas wees om te verneem dat daar vandag Christene in die wêreld is wat die Huttefees tydens die vorige Herfstyd [Lente in die Suidelike Halfrond] onderhou het (Levitikus 23:33-42; Johannes 7:2, 8-10) wat die heerskappy van Jesus Christus op hierdie aarde uitbeeld – 'n duisend jaar van ongekende vrede en voorspoed! Om meer oor hierdie Heilige Dae te leer, maak seker dat u ons gratis boekie lees: *Die Heilige Dae – God se Meesterplan*. 

Die werke van Sy hande

Die majesteit van berge

Deur Wallace G. Smith

Aangesien ek in die staat van Texas grootgeword het, was berge nie juis 'n groot deel van my visuele woordeskat nie. Ek het dit in boeke, op foto's, skilderye en rolprente gesien, maar het nooit een met my eie oë gesien totdat ek in my vroeë dertigs was nie. Nietemin, toe ek uiteindelik my oë op een gevestig het toe ek deur die beroemde *Rocky Mountains* van Colorado gery het, het ek besef dat ek nooit weer volkome dieselfde sou wees nie. Dit kan ons ontroer, inspireer en selfs intimideer. Dit lyk of dit die volmaakte uitbeelding van sterkte en stabiliteit is – van krag en permanensie. Wanneer ons berge aanskou, kan ons die woorde van die profeet Amos in gedagte hou:

Want kyk, Hy wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die dageraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, HERE, God van die leërskaar, is sy Naam! (Amos 4:13).

Kom ons neem 'n oomblik om te dink oor hierdie pragtige beeldhouwerke van die natuur. Dit is ook nodig om na te dink oor wat die Kunstenaar, deur die skepping van berge, aan ons

probeer vertel.

Verskillende tipes

Dit is maklik om te dink dat berge almal eenders is, veral as mens net naby een soort gewoon het, maar daar is in der waarheid verskeie tipes.

Plooiberge is die mees algemene tipe. Geoloë glo dat dit gevorm word wanneer verskillende gedeeltes van die aardkors – wat altyd aan die beweeg is, hoe stadig ookal – teen mekaar stoot en veroorsaak dat die aarde uitbult en buig. Dit is die soort berge wat ek en my gesin in Colorado gesien het en wat die bekende Himalajas met inbegrip van die berg Everest gevorm het.

Verskuiwingsblokberge word gevorm wanneer krake in die aardkors toelaat dat groot blokke rots hoër as die omliggende aardkors gestoot word. Dit is dikwels baie steil, gewoonlik aan een kant. Voorbeelde hiervan sluit die Sierra Nevada bergreeks van Kalifornië asook die Vogeseberge van Frankryk in.

Vulkaniese en koepelberge word elk deur die druk van gesmelte magma in die aarde gevorm. In die geval van vulkaniese berge, bereik die magma die oppervlakte in die vorm van lawa en as. Namate hierdie materiaal voortdurend op die oppervlakte opbou en afkoel, word 'n berg soos die Filippynse

berg Pinatubo of Japan se berg Fuji gevorm. In die geval van koepelberge, bereik die warm magma egter nooit die oppervlak nie. Die druk wat deur die magma veroorsaak word stoot eerder die boonste lae van die aardkors al hoër op. Met verloop van tyd koel die magma af tot soliede rots en erosie gee vorm aan die verhewe oppervlak wat 'n koepelagtige voorkoms skep en dan verder deur die magte van erosie gevorm word.

Ten slotte is daar platoberge. Hierdie berge word eintlik deur die verlaging van die omliggende gebied gevorm, soos riviere wat uitkalf en 'n pad al hoe laer in die dieptes insny. Die treffende spitskoppe van Monument Valley in Arizona is bekende voorbeelde.

Vormers van die weer en die geskiedenis

Meer as blote geologiese kenmerke wat verskeidenheid aan 'n andersins gelyke planeet verskaf, is berge op hulle eie manier deelnemers aan die wêreld rondom hulle, deur die krag van hulle teenwoordigheid in die vorming van aktiwiteite en gebeure.

Bergreekse het 'n groot invloed op weerpatrone. Wanneer bewegende lug die verhoogde terrein van 'n berg ontmoet, word dit gedwing om op te styg, wat die lug verkoel en kondensasie en reën ver-

oorsaak. Indien die berge hoog genoeg is, kan die verskil in weer aan die een kant dramaties verskil teenoor die weer aan die ander kant en “reënskaduwee” veroorsaak. In hierdie geval kry die een kant van die bergreeks die voordeel van gedwonge kondensasie, met gereelde reënval en vrugbare grond. Die ander kant van die reeks word egter van reën ontnem en moet tevrede wees met die droër lug wat oor die berg gaan. Hierdie streke kan dor en droog raak. Die woestyn in Judea en die Dooie See-gebied is die gevolg van so 'n reënskaduwee wat deur die berge in Judea veroorsaak word terwyl die Gobiwoestyn in die reënskaduwee van die Himalajas lê.

Meer as net die vorming van weer, het berge gehelp om beskawings te vorm.

Die mees klaarblyklike invloed wat berge het, is in die rondswerf van migrerende volke en dien as kanale sowel as grense in die rigting-aanwysing en vloevorming van rondtrekkende bevolkings. Die Kaukasusgebergte in Eurasië kon byvoorbeeld 'n belangrike rol gespeel het in die beweging van die swerwende Israeliete na die Europese vasteland.

Wanneer God van die nasies sê dat Hy “vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het,” (Handelinge 17:26) is die berge van Sy skepping een manier wat Hy gebruik om dit tot stand te bring.

In die geval van die *stede* of

stadstate van antieke Griekeland, het die berge 'n dramatiese impak op die kultuur van daardie samelewing gehad. Meer as driekwart van Griekeland word deur bergagtige terrein bedek. Dit het beweging tussen stede uiters bemoeilik en kulture en politieke organisasies is gedwing om plaaslik en selfstandig te word. As gevolg hiervan kon relatief nabygeleë stadstate, soos filosofiese Athene en militaristiese Sparta in heeltemal verskillende rigtings ontwikkel. Die bergagtige aard van die landskap het ook die antieke Grieke gedwing om kolonies elders langs die Middellandse See te vestig om hulleself te onderhou. Dit het tot die verdere vorming van hulle eie kultuur sowel as kulture van omliggende volke gelei.

Gegewe die invloed wat antieke Griekeland op die moderne Westerse kultuur het, kan mens sê dat die berge van Griekeland 'n impak op die wêreld gehad het!

'n Beeld van hulle Skepper

God gebruik berge en die natuurlike gevoel van krag en mag wat dit uitstraal om ons aandag op Hom te vestig.

Wanneer ons na die grootsheid van 'n berg kyk wat vas en oënskynlik onbeweeglik staan, wil God hê dat ons sal stilstaan en besin oor die krag van die Een wat daardie berg geskep het! Wanneer koning Dawid sy Skepper prys wat die “vertroue van al die eindes van die aarde [is]” merk hy op dat dit

die Almagtige God is “Wat die berge grondves deur u krag, wat omgord is met mag” (Psalm 65:6-7).

Ja, die asemrowende gesig van die Berg Everest of die pieke van die Grand Tetons in Wyoming kan ons hartsnare aanraak wanneer ons na hulle prag en omvang kyk. Die Ewiglewende Een wil egter hê dat ons daaraan dink dat indien hierdie majestieuse kenmerke van die land ons beïndruk en ons dwing om te dink aan hoe klein en relatief broos ons eie lewens in vergelyking hiermee is, hoeveel te meer majestieus en magtig is Hy – die Een wat oor die krag beskik om hierdie ontsaglike monumentale rotse te skep en dit deur Sy wil tot stand te bring! Geen standbeeld wat deur 'n mens uitgekerf is behoort ons só baie te beïndruk nie.

Trouens, moontlik die grootste getuigenis wat berge oor die ongelooflike krag van hulle Skepper kan gee, is dat vir al hulle vertoning van krag en standvastigheid, selfs hulle met Sy Wederkoms sal bewe, sidder, versit en selfs wyk voor Sy aangesig (Openbaring 6:14; 16:20)!

Berge is 'n mooi voorbeeld van die krag van God wat vertoon word in die wêreld. Koning Dawid het in herinnering aan sy Skepper se krag, terwyl hy nodig gehad het om gehelp en gered te word, gesê: “Ek slaan my oë op na die berge” (Psalm 121:1). Die berge behoort ons ook daaraan te herinner. **WvM**

Londen roep

Die nederigheid van Michael Faraday

Deur Adam J. West

Faraday was 'n wetenskaplike wie se ontdekkings voortgaan om ons lewens elke dag te beïnvloed. Sy lewe bied ons meer as wat baie mense besef.

Op 25 Augustus 1867 het Michael Faraday, *FRS Fellow of the Royal Society* op die ouderdom van 75 jaar gesterf. Hy het die ontdekkings wat hy aan die wetenskaplike gemeenskap en die wêreld bemaak het – die vrug van sy briljantheid en toewyding – in sy helder voetspore nagelaat.

Wie was Michael Faraday en wat was sy bydrae tot die ryk nalatenskap aan die Britse wetenskaplike prestasies? Deur sy lewe en die keuses wat hy gemaak het te ondersoek, kan ons belangrike *persoonlike eienskappe* ontdek wat sy wetenskaplike pogings oortref – *karaktereieenskappe* waaruit ons almal kan leer en voordeel trek.

Die beginjare

Michael Faraday is in 1791 in Newington, Surrey, Londen, Engeland gebore. Die gesin was nie welaf nie; sy vader was 'n grofsmid en sy moeder 'n huisbediende vir die grootste deel van haar lewe. Die gesin het soos baie ander gesinne met twee kinders in armoedige en nederige omstandighede gesukkel.

Faraday se vroeë onderrig was minimaal. Op 13-jarige ouderdom het hy vir 'n plaaslike boekwinkel begin aflewerings

doen ten einde te help om in die gesin se behoeftes te voorsien. Met verloop van tyd het hy die eenaar beïndruk en is tot die amp van 'n leerlingboekbinder bevorder.

Eerder as om sy vrye tyd te verkwis, het hy ernstig begin om die boeke rondom hom te lees en is hy uiteindelik deur wetenskaplike boeke aangetrek. Sy nuuskierigheid is geprikkel deur die *Encyclopædia Britannica* as 'n hulpmiddel tot die verkryging van elektriese kennis, asook *Conversations on Chemistry*, 'n chemiese handboek vir nie-tegnies aangelegde persone.

Met finansiële hulp wat deur 'n kliënt van die boekwinkel aangebied is, was Faraday in staat om sy onderrig voort te sit. Hy het 'n lesing deur een van die wêreld se voorste wetenskaplikes, Sir Humphry Davy, bygewoon. Davy het klas gegee en eksperimente in die nuwe veld van elektrochemie aan die *Royal Institution* (RI) in Mayfair, Londen uitgevoer. Die vier lesings wat Faraday bygewoon het, het hom diep geraak. Ter waardering het hy 'n 300-bladsy boek met die hand geskryf, dit gebind en aan Davy oorhandig. Volgens Faraday: “Die antwoord was onmiddellik, goedhartig en gunstig” (*Encyclopædia Britannica*, 11de Uitg., bl. 173). Na 'n laboratoriumongeluk waarna Davy vir 'n tyd lank nie kon skryf nie, het Faraday vir hom notas geneem. Kort daarna

is die jong man 'n werk as chemiese assistent aangebied.

'n Loopbaan word ontwikkel

Teen die ouderdom van 21 het Faraday met 'n nuwe loopbaan by die *Royal Institution* begin deur saam met Davy te werk. Faraday het hard gewerk en met die skryf van Davy se akademiese referate gehelp. As gevolg van Faraday se nederige herkoms en lae stand in die maatskaplike struktuur van daardie tyd, is weinig van sy vroeë pogings aan hom toegeskryf. 'n Deurbraak is gemaak nadat Faraday eervolle erkenning in een van Davy se referate ontvang het: “Dank verskuldig aan mnr. Michael Faraday vir besondere hulpvaardige bystand”.

In die jaar 1816, op ouderdom 24, het Faraday sy eerste verhandeling in die Kwartaalblad van Wetenskap gepubliseer. Op 29-jarige ouderdom is hy bevorder tot “Superintendent van Huis en Laboratorium” van die *RI*. In 1833 op die ouderdom van 41 jaar, het hy die *Fullerian Professor of Chemistry* geword, 'n posisie wat sy rol gedefinieer het.

Faraday se nalatenskap

Michael Faraday se ontdekkings was talryk. Sy ontdekking van elektromagnetiese rotasie (die vroegste voorloper van die elektriese motor) in 1821 was 'n groot deurbraak. Dit was egter

tien jaar later in 1831, tydens pogings om 'n elektriese stroom te genereer deur van magnete gebruik te maak, dat hy aan 'n vriend geskryf het: "Ek is nou net weer met elektromagnetisme besig en dink ek het 'n goeie ding beet, maar kan nie sê nie. Dit mag onkruid in plaas van 'n vis wees wat ek uiteindelik na al my moeite mag uittrek". Gelukkig sou tyd bewys dat sy pogings glad nie doelloos was nie!

Deur sy denke intens op 'n enkele poging te fokus, het Faraday 'n nuwe gedagte in minder as drie maande tot volwassenheid gebring: Hy het 'n elektriese stroom met behulp van kinetiese energie (rotasie) opgewek wat tot die skepping van die elektriese kragopwekker gelei het – andersins bekend as die dinamo! "Feitlik alle elektriese krag word opgewek deur Faraday se beginsels te gebruik; dit maak nie saak of die primêre bron van energie steenkool, olie, gas, kernkrag, hidro of wind is nie" ("*Michael Faraday's generator*", *rigb.org*). Dit is hoe ons huise selfs vandag nog van krag voorsien word.

In 1845 ontdek Faraday die diamagnetisme verskynsel wat in werklikheid die skepping van 'n tydelike magneet is wat deur 'n eksterne magnetiese veld veroorsaak word. Terwyl hierdie ontdekking nie dadelik erkenning ontvang het nie, het dit sedertdien tot voordeel van die hele wêreld gestrek.

Faraday se loopbaan by die *RI* het oor sowat 54 jaar gestrek. Na 'n leeftyd van toegewyde en gespesialiseerde navorsing en voordelige ontdekkings, is sy nalatenskap verseker. Onder

ander toekennings is die eenheid vir die meet van elektriese kapasitansie – die *farad* – na hom vernoem. Dit is bekend dat Albert Einstein foto's van drie wetenskaplikes in sy kantoor gehou het – een daarvan was van Michael Faraday. In 1973 is die Faraday Museum wat in die *Royal Institution* geleë is, ter ere van hom ingewy.

Sy grootste prestasie moontlik – iets wat bly bestaan wat elkeen van ons kan ontdek – lê in die tipe karakter wat hy hom ten doel gestel het om te ontwikkel en waaraan hy net so hard as aan sy wetenskap gewerk het.

Nederige begin, nederige einde

"Sy briewe en gesprekke was altyd vol van wat ookal 'n gesonde belangstelling kon aanwakker en vry van enige iets wat slegte gevoelens kon aanblaas. Wanneer hy tydens seldsame geleenthede buite die gebied van wetenskap in dié van omstredenheid gedwing was, het hy die feite gestel en toegelaat dat hulle hulle eie gevolgtrekkings maak. Hy was sonder trots en oordrewe selfhandhawing" (*The Scientific Papers of James Clerk Maxwell*, bl. 792). Die *Encyclopædia Britannica* berig dat Faraday tereg wysing gewillig aanvaar het en in sy gevorderde leeftyd met genoeë dinge laat vaar het wat buite sy eertydse vermoë was om te doen.

Te dikwels is 'n ondergewaardeerde eienskap in die samelewing dié van *nederigheid*. Het u 'n hoë opinie van u self? Worstel u met eiewaan?

Faraday was opreg in sy Bybelse oortuigings. Hy het sonder twyfel die Bybelse vermaning geles wat sê: "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade" (Jakobus 4:6). Voordele vergesel nederigheid, 'n magnetisme waarvan Faraday heel moontlik bewus was.

Ten spyte van moderne ateïstiese bewerings tot die teendeel, kan dié mense wat in God glo wel uitstekende wetenskaplikes uitmaak. Talle mense vertoon ongewone vlakke van nederigheid – moontlik as gevolg van die beskeie aard van hulle ontdekkings.

Getrou aan homself, het hierdie man van nederige afkoms 'n aanbod van die hand gewys om saam met Brittanje se konings, koninginne en beroemde wetenskaplikes, soos Sir Isaac Newton, Charles Darwin en ander in die "nasionale mausoleum" van Westminster Abdy begrawe te word. Dit sou een van die hoogste eerbetonings aan 'n man van sy invloed en aansien wees.

In plaas daarvan het Michael Faraday verkies om met 'n nederige begrafnis in Londen se Highgate Begraafplaas langs Sarah, sy vrou van 46 jaar, begrawe te word. Die wêreld het baie van Michael Faraday se wetenskaplike pogings en ontdekkings geleer en terwyl niemand sonder foute en tekortkominge is nie, kan ons selfs 'n waardevoller les leer uit sy nederige benadering tydens 'n lewe van merkwaardige prestasies. **W.V.M.**

Vrae & Antwoorde

Wat is verkeerd met oënskynlik onskuldige woorde soos “gosh” of “geewiz”?

VRAAG: Ek verstaan dat dit nie beleefd is om “vloekwoorde” te gebruik nie, aangesien baie mense dit as vulgêre en beledigend beskou. Waarom maak sommige mense beswaar teen sulke oënskynlik onskuldige uitbarstings soos “gosh” of “geewiz” of “Jisslike”? Dit is sekerlik meer aanvaarbaar as sommige van die growwe en vulgêre woorde wat deur sommige mense in die plek daarvan gebruik word. Is ek verkeerd?

ANTWOORD: Met die eerste oogopslag mag baie mense dalk dink dat hierdie en ander soortgelyke woorde oënskynlik veel makker is as verskeie “vierletter woorde” wat in omloop is en dus verkiesliker is as daardie ander vulgêre uitdrukkings. Vir 'n Christen kan van hierdie “onskuldige” uitdrukkings selfs minder geskik wees as die skynbaar meer “vulgêre” uitdrukkings. Waarom? Want dit is eufemismes vir die name van God die Vader en Jesus Christus – diegene wat dit gebruik, gebruik God se naam ydellik.

Die Skrif waarsku: “Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie” (Exodus 20:7). Die Psalms is vol lof vir God se Naam. “[L]aat hulle die Naam van die HERE loof! Want sy Naam alleen is hoog: sy majesteit is oor aarde en hemel!” (Psalm 148:13). Ook: “Juig tot eer van God, o ganse aarde! Besing die eer van sy Naam, maak heerlik sy lofsang!” (Psalm 66:1-2).

Sommige mense sal beswaar maak: “Maar ‘gosh’ is nie ‘God’ nie en ‘Jiminy Cricket’ is nie Jesus Christus nie!” “Wat is verkeerd met die gebruik van 'n 'verfynde eed' of 'n 'eufemisme' in plaas van God se Naam?” Wel, soos die woordeboek verduidelik, 'n “eufemisme is 'n versagterende woord of uitdrukking: Verbloeming, byvoorbeeld heengaan, ontslaap of die tydelike met die ewige verwissel i.p.v. sterf” [HAT Woordeboek van die Afrikaanse Taal]. 'n Vae verwysing na God se Naam is nog steeds 'n verwysing na God se Naam en behoort dus nie 'n “vervangende skelwoord” te word nie. Indien ons terloops God se Naam of 'n eufemisme vir God se Naam gebruik om skok, verbasing of selfs godslastering uit te spreek, betoon ons minagting aan ons Skepper, ongeag of diegene rondom ons ons woorde as “vulgêre” beskou of nie.

Mense se idee oor wat vulgêre is kan verskil met verloop van tyd, omdat 'n gemeenskap se gebruike en taal veranderings ondergaan. Die bewoording van 1 Samuel 25:22 sou in 1611 nie vir lesers van die *King James Version* vulgêre geklink het nie, hoewel vandag se lesers moontlik ongemaklik kan

wees wanneer hulle sien hoe die *King James Version* vertalers 'n frase weergee wat die Hebreeuse woord *shathan* (Strong's 8366) bevat. Die *New King James Version* vertalers, daarenteen, het die duidelike betekenis van die Hebreeuse idioom verskaf sonder om 'n ander woord te gebruik wat die meeste mense vandag as vulgêre sou beskou. Ons behoort verseker teenoor ander mense bedagsaam te wees in die manier waarop ons ons woorde kies en dus daardeur vulgariteit vermy. Om God se Naam egter ydellik te gebruik is 'n ander saak – 'n geestelik baie ernstiger saak.

Hoe behoort ons God se Naam te gebruik? In die Nuwe Testament beveel Christus Sy dissipels om in Sy Naam tot God die Vader te bid. “En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word” (Johannes 14:13). Wanneer ons bid, behoort ons eer aan God se Naam te gee. “Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word” (Matthéüs 6:9).

Die dissipels het die siekes deur die Naam van Jesus Christus genees. “Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!” (Handelinge 3:6). Jakobus beveel Christene om voort te gaan om daardie voorbeeld te volg. Hy sê: “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het” (Jakobus 5:14).

In die boek Handelinge lees ons dat die dissipels die Evangelie deur die Naam van Jesus Christus verkondig het (Handelinge 9:15) en gedoop het in die Naam van Christus (Handelinge 8:16; 19:5). Paulus het aan die Christene in Éfese gesê: “Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor” (Efésiërs 4:29).

Die woorde wat ons gebruik is vir God belangrik. Ons moet seker maak dat dit wat ons sê, ons eer en respek aan Hom weerspieël. **WVW**

Keerpunte in

Europa, die Christendom en God se plan

Die gebeure wat die lot van nasies en kontinente vorm is nie toevallig nie. Dit is ook nie sonder 'n doel nie. God is besig om Sy plan uit te werk. Heelwat mense neem aan dat die opkoms en ondergang van nasies en belangrike gebeure in die geskiedenis net 'n kwessie van toeval is – om gelukkig te wees – terwyl ander weer sinnelose historiese patrone en tendense aan die werk sien. Tog sien ander mense weer 'n “wonderlike sin van doel ... asof daar 'n plan was” – veral in die verskyning van Europa, die opkoms en wêreldwye verspreiding van die tradisionele Christendom en die impak van die Westerse beskawing op die wêreld (*The Miracle of Freedom: Seven Tipping Points That Saved The World*, Stewart & Stewart, bl. vi). Min mense verstaan vandag dat God 'n plan het (Psalm 33:10-11) en dat Hy die verloop van geskiedenis lei deur konings uit hulle amp te verwyder en hulle op kritieke tye in die geskiedenis van die menslike beskawing in hulle amp aan te stel (Daniël 2:21). In hierdie artikel sal ons na 'n reeks ingewikkelde en onwaarskynlike gebeure kyk wat die weg vir die opkoms van Europa asook die verspreiding van histories Christelike denke en waardes regoor die wêreld gebaan het.

Voorbereiding van die weg

Die verhaal van God se plan vir Europa en die Weste begin in Génesis 12:1-3 en 13:16 met profetiese beloftes wat God aan Abram (of Abraham) gemaak het. Sy nageslag sou vermeerder en groot word en 'n seën vir die mense van die aarde wees. Hierdie beloftes is na Abraham se kleinseun Jakob uitgebrei en oorgedra, wie se twaalf seuns die stamvaders van die twaalf stamme van Israel geword het (Génesis 35:9-12). God het aan die Israeliete 'n unieke stel Wette gegee sodat hulle 'n lig vir die wêreld kon wees, maar ongelukkig het hulle versuim om volgens daardie Wette te leef en is in ballingskap weggevoer. Die noordelike tien stamme is ongeveer rondom 721 v.C. na Assirië weggevoer en die nasie van Juda rondom 586 v.C. na Babilon. Die merkwaardige bewaring van die Jode onder die Persiese Ryk (sien die boek Ester) en hulle terugkeer na Jerusalem na 70 jaar in ballingskap, het die profetiese geboorte van die Messias, Jesus Christus, moontlik gemaak. Sy leerstellings is die grondslag van ware Christenskap. Ná die val van die Assiriese Ryk het die tien stamme van Israel nooit weer na hulle ou geboorteland teruggekeer nie, maar na noordwes-Europa migreer. Daar

sou hulle uitbrei en die seëninge inoes wat aan Abraham beloof was – seëninge wat geprofeteer was om met die mense van die wêreld te deel.

Wanneer ons die geskiedenis in oënskou neem, merk ons hoe God *wonderbaarlik* by verskeie kritieke keerpunte ingegryp het om Europa voor te berei as 'n plek waar Sy doel vir Israel vervul kon word. In 480 v.C. het Xerxes, die koning van die magtige Persiese Ryk, 'n massiewe inval van stapel gestuur om Griekeland te verower en uiteindelik die hele Europa onder sy beheer te bring. 'n Klein krygsmag dapper Grieke het hom egter by die nou Thermopylae wigpunt vertraag terwyl 'n berekende Griekse vloot die Persiese vloot in die smal kanaal by Salamis vernietig het en só die Weste van Persiese oorheersing gered het. Die *onverwagte uitslag* van hierdie twee gevegte het die verloop van die geskiedenis verander deur die Griekse kultuur toe te laat om idees van selfregering, vryheid van die individu, onderwys, die logika en bevordering van kuns en wetenskap uit te brei. Dit sou uiteindelik die Westerse beskawing afsonder van die res van die wêreld. Later het die oorwinnings van Alexander die Grote en die verspreiding van die Griekse taal die verspreiding

wêreldgeskiedenis

van die Christendom vergemaklik. Indien die Perse hierdie twee belangrike veldslae gewen het, sou die Weste waarskynlik 'n ander taal gepraat het, 'n ander godsdiens gevolg het en heel waarskynlik verskillende waardes gehad het asook nie die vryheid geniet het waaroor dit vandag beskik nie (Stewart & Stewart, hoofstuk 2).

Tydens die slag van die Milviaanse Brug in 312 v.C. sien ons nog 'n deurslaggewende oomblik wat God gebruik het om Europa te vorm. Daar het die Romeinse keiser Konstantyn 'n mededingende keiser verslaan, gedeeltelik as gevolg van 'n ramspoedige militêre fout deur 'n opponerende keiser wat volgens sommige mense deur 'n "visioen" mislei is. Konstantyn se oorwinning het tot sy sogenaamde "bekering" en dekrete gelei wat die vervolging van Christene verbied het (sien Stewart & Stewart hoofstuk 3). Die "Christendom" wat deur Konstantyn bevorder is, het baie heidense gebruike en idees aangeneem, maar die keiser het ook die publikasie van Bybels bevorder – die effek was meer openbare blootstelling aan die leerstellings van Jesus Christus. Gevolglik het Europa al hoe meer 'n algemene "Christelike" perspektief verkry. Selfs voor Konstantyn se tyd was dit moontlik om die *ware* Evangelie van Jesus Christus oor

Romeinse paaie gedurende die *Pax Romana* te versprei – 'n tydperk van relatiewe vrede oor die hele Ryk van 30 v.C. tot 180 n.C. (sien die boek *Handelinge en Lessons of History*, Durant, bl. 69).

Verdediging van die land

God se hand was by nog twee geleenthede duidelik sigbaar waartydens die verloop van Europese geskiedenis in 'n heel ander rigting kon draai. Gedurende die herfs van 732 n.C. het "Charles Martel 'n magtige en oënskynlik onstuitbare Islamitiese weermag" tydens die slag van Poitiers in sentraal-Frankryk verslaan (Stewart & Stewart, bl. 18). In die vorige eeu het Moslem leërmagte uit Arabië verskyn en Persië, Egipte en die helfte van die Romeinse Ryk oorrumpel. Die volke wat hulle verower het is vermoor, geplunder en tot slawerny gedwing terwyl die mense wat hulle oorwin het, met geweld gedwing is om Allah te aanbid. As gevolg hiervan het die ware Christenskap en die invloed van Roomse verbastering tesame met Judaïsme byna in hierdie verowerde lande verdwyn. Tydens die gevegte by Poitiers is die leier van die invallende leërmag egter doodgemaak en "daardie nag – wat regtig onverklaarbaar is – het die Moslems onverwags hulle kamp verlaat" en na Spanje

begin terugval (bl. 170-171). Indien die Moslem leërmagte Europa verower het, sou Allah op die vasteland aanbid word in plek van enigiets wat Christelik of Bybelse godsdiens is. Godsdiensvryheid en menseregte sou feitlik nie bestaan het nie. Europa se siviele wette sou op die Koran gebaseer wees en vroue se status sou waarskynlik dramaties anders gewees het. Die bekende Duitse geskiedkundige, Leopold von Ranke, skryf dat die oorwinning van Charles Martel by Poitiers "die keerpunt van een van die belangrikste tydperke in die geskiedenis van die wêreld was", omdat dié veldslag Europa as 'n kontinent bewaar het, gewortel in die kultuur en karakter van geskiedkundige Christendom (bl. 141).

Die finale bedreiging vir die verskyning van Europese "Christendom" wat die wêreld sou verander het, was die Mongoolse inval in 1236 n.C. – 'n tyd toe die stede en nasies van Europa uit die Donker Eeue ontwaak het. Handel, nywerheid, bankwese en industrië het gegroei, universiteite is gestig en wetenskap het begin ontwikkel. Nadat China en Indië verower is en 'n spoor van verwoesting oor Sentraal-Asië gelaat is, het die Mongoolse leërweswaarts opgeruk. Daar het hulle 'n magtige Hongaarse weermag verslaan, die land

geplunder en duisende mense tot slawerny gedwing – veral vakmanne en professionele persone. Die vernielstogtige invallers het gehoop om Wenen en daarna Rome, Parys en Londen te verower. Nietemin, terwyl die Mongoolse leer die stad van Wenen genader het, het die Groot Khan van Mongolië en sy seun *onverwags* saam

gesterf. Met blykbaar geen erfgenaam nie, het die Mongoolse koninklikes en hulle leërmagte Europa verlaat en huiswaarts gekeer. Die fokus was op die stryd oor wie die volgende Khan sou word en hulle het nooit weer teruggekeer nie (Stewart & Stewart, bl. 203). Sou die Mongoolse inval geslaag het, sou die hele Europa

– die land waar die migrerende Israëliete gevestig was – verwoes word en die bydrae aan die wêreld wat uit Europese “Christendom” voortgespruit het, sou nooit plaasgevind het nie. God het 'n plan vir Europa soos wat ons in toekomstige artikels sal sien!

—*Douglas S. Winnail*

Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org

Vervolg vanaf bladsy 10 – Die skat van God se beloftes

barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Hebreërs 4:16).

Christene kan met vertroue bid, met die wete dat hulle 'n groot Hoëpriester het wat namens hulle intree. God is liefde en Hy is die grootste gewer (Jakobus 1:17). Hy wil

selfs vir ons die aarde as erfenis gee (Matthéüs 5:5). God beplan om uiteindelik vir ons selfs 'n groter geskenk te gee: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7).

God se beloftes is vir u.

Deursoek u Bybel daagliks en namate u nader aan God getrek word, dank Hom vir die vele groot en kosbare skatte – met inbegrip van God se Waarheid – wat Hy wil hê u nou en in die Wêreld van Môre sal besit. **WVM**

Vervolg vanaf bladsy 16 – Belangrike gebeurtenisse in die nabye toekoms

die twaalf mylpale wat ek hierbo genoem het geweldig sal toeneem, selfs meer as wat die meeste mense vandag kan besef. Hierdie wêreld-veranderende gebeure sal 'n reuse uitwerking op die sogenaamde “Amerikaanse lewenswyse” hê. Dit sal 'n *reuse uitwerking* hê op ons lesers wat in Kanada, Brittanje, Australië, Nieu-Seeland, [Suid-Afrika] en elders oor die Engelssprekende wêreld woon en uiteindelik die hele wêreld insluit! **U** behoort God

dus vir die *begrip* en die **moed** te vra om werklik aan uself die Waarheid te **bewys** wat nou vrylik van u Skepper beskikbaar is. Hierdie naderende geprofeteerde gebeure sal duisende mense letterlik tot besinning “skud” en ek hoop biddend dat u onder diegene sal wees wat nou deur God geroep word, voordat die eindtydse gebeure vernietiging oor ons mense bring.

Mag God aan **u** die begrip en die nederigheid skenk om

daadwerklik op te tree volgens wat ek hier geskryf het en om u aan die God van die Bybel te **onderwerp**. Ons wat hierdie Werk van die lewende Christus doen is inderdaad God se “wagte” om **u vroegtydig te waarsku** oor wat *binnekort gaan plaasvind*. Hierdie komende gebeure wat ek beskryf het is *baie werklik* en dit sal u lewe vir ewig **verander**. Mag God u help om volgens Sy Waarheid op te tree voordat dit te laat is! **WVM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

God deur 'n verwaande koppige man gelei word, “die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:4).

Pasop wanneer enige individu dus probeer om *homself* “aan te stel” as 'n “apostel” of om homself as 'n “profeet” te verklaar! God waarsku ons herhaaldelik: “Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word” (Matthéüs 23:12; sien ook Lukas 14:11; 18:14).

Nie een van ons in hierdie Werk wat die *Tomorrow's World* televisieprogram en hierdie tydskrif aan u bring het al ooit probeer om homself as 'n “profeet” of 'n “apostel” te verklaar nie. Die Woord van God beskryf die “tekens” van 'n apostel as “tekens en wonders en kragtige dade” (2 Korinthiërs 12:12). *Niemand* wat vandag leef, kon nog ooit daardie tipe “tekens” wat op ware Apostelskap of Profeetskap dui, teweegbring nie!

Aankoms van die “mens van sonde”

Ten slotte wil ek u almal in die Naam van Jesus Christus, *ten sterkste waarsku* dat daar aan die einde van hierdie tydperk, 'n “mens van sonde” sal wees (2 Thessalonicense 2:3). Hy sal kragtige “tekens” uitvoer en dit gebruik om **miljoene** verwarde mense gedurende die leeftyd van die meeste van u te mislei! God het die apostel Johannes geïnspireer om hierdie man as “'n ander dier” te beskryf (Openbaring 13:11). Hierdie man sal die krag van die herrese Romeinse Ryk gebruik, maar hy sal **nie** die Ryk se politieke of militêre leier wees nie. *Hy* sal 'n magtige **godsdienstige** figuur wees wat **miljoene** mense sal mislei! Johannes beskryf hom: “Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei [mislei] die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het” (verse 13-14).

“Vuur uit die hemel” in ons moderne tyd?

Ja! Dit sal heel waarskynlik vir etlike jare nie gebeur nie, maar dit **sal** nog gedurende die leeftyd van baie van u plaasvind!

Let daarop dat God sê dat hierdie toekomstige godsdienstige leier die een sal wees wat “die bewoners van die aarde” sal verlei (vers 14) deur skouspelagtige **wonderwerke** te verrig. Onthou die waarskuwing van God se Woord: “En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; *moet* vir die lewendes die dooies *gevra* word? Tot die **wet** en tot die **getuienis!** As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle *'n volk* wat geen dageraad het nie” (Jesaja 8:19-20). Die “sleutel” is om u te distansieer van **enige** verklaarde apostel of profeet wat daarop uit is om u van God se Wet of Sy Werk weg te lei soos herhaaldelik deur Christus en die Apostels verkondig is.

Maak dus seker dat u God se bevel gehoorsaam: “**Lê jou daarop toe** om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny” (2 Timótheüs 2:15). Wanneer u gevoed word deur Christus” en Sy Woord indrink – wat die *denke van God* openbaar – sal dit werklik moeilik wees om *u* te mislei! Soos Jesus sê, behoort ons altyd na die “vrugte” te kyk. Is 'n beweerde profeet of apostel werklik **nederig** in sy poging om sy medemens te *dien* en te onderrig in die *lewensweg* wat op die Tien Gebooie en die Bergpredikasie gebaseer is? Is hy moontlik net daarop ingestel om “volgelingen te versamel” en mense na idees en konsepte te lei wat *nie Bybels* is nie of wat eenvoudig nie ter sake is nie? Onderrig en beoefen hy die weg van vrywillige dienslewering en nederigheid soos die voorbeeld wat Jesus Christus gestel het of word sy leerstellings gebruik om homself te verhef?

Ter wille van *u ewige lewe*, onthou altyd die apostel Paulus se pragtige een-vers beskrywing van *ware Christenskap*: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

deur die geloof in [van] die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galásiërs 2:20). Voordat u die leerstellings van een of ander "profeet" of "apostel" aanvaar, vra uself af: "Word ek deur hom beïnvloed om die ware Christus van die Bybel deur die Heilige Gees Sy lewe in my te laat leef of ontbreek daar iets?"

Wat "ontbreek" kan die verskil wees tussen

die ewige lewe en die ewige dood! Soos Jesus Christus beveel: "Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Openbaring 3:11).



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**